Maar God…

Liewe Bidder

Ek vertrou jy het die eerste drie-maandelikse uitgawe van die *Jerigo Mure* gebedsgids baie geniet. Die gebedsgids wat jy nou in jou hand het, is vol inligting en artikels wat ek vertrou vir jou tot groot seën sal wees en jou sal help om doelgerig te bid.

Die Here Jesus en Paulus moedig ons in die Nuwe Testament aan om altyd aan te hou met bid en nie moedeloos te word nie. Die skrywer van die Hebreër-brief skryf dat ons met vrymoedigheid na die genadetroon toe moet gaan, sodat ons *op die regte tyd* gehelp kan word. So dikwels sê mense: ons bid reeds so lank en ons sien so min antwoorde. Aan die een kant is dit so. As ons egter na die groter prentjie kyk, sien ons hoedat God op 'n magtige wyse reg oor die aarde besig is. Daar kom tye wanneer ons nie direkte antwoorde op gebed in ons eie lewens sien nie, maar dit beteken nie dat God in sulke tye nie op 'n kragtige wyse in ons lewens en op ander plekke besig is nie.

Gebedsfokusse vir die volgende drie maande
Ons het elke maand 'n gebedsfokus wat veral gemeentes en die groeiende aantal dag en nag gebedswagte kan help om vir langer tye op sekere sake te fokus. Hierdie maand is daar drie baie belangrike gebedsfokusse:

- **September – *Ramadaan***: Die Moslems se maand van vas.
- **Oktober – Indië**: 'n Land met 1,3 biljoen mense – 'n land waar die Here kragtig aan die werk is en letterlik tienduisende mense weekliks tot bekering kom.
- **November – *die Vervolgde Kerk***: Bykans 200 miljoen Christene kan nie hulle geloof vrylik beoefen nie – omdat hulle woon in lande waar daar wetgewing en haat teen Christene is.

Daar is artikels oor elkeen van hierdie gebedsfokusse in hierdie gebedsgids. Kom ons maak erns om vir hierdie sake te bid. Dit het 'n impak op miljoene mense.

Wêreldwye herlewing
Ek wil jou aanmoedig om die artikel van Floyd McClung oor herlewing te lees. Baie mense het 'n bepaalde verwagting en siening oor hoe herlewing moet lyk. Persoonlik identifiseer ek met dit wat Floyd McClung skryf. Ja, dat daar ook die tradisionele persepsie van herlewing is, soos bv. die herlewing van 1857 in die VSA, die 1860 herlewing in Suid-Afrika asook die 1904 herlewing in Wallis, is so. En daarvoor moet ons steeds volhardend bid. Ons is egter geneig om te vergeet wat die Here reeds doen. Laat ons die Here dank vir Sy groot dade wat in die wêreld sigbaar is.

Kinders en tronke
Ons het die afgelope tyd gesien hoedat die Here die kinders in Suid-Afrika oprig om te begin bid; veral in die plakkerskampe en *townships*. Die Here is besig om kinders (6-13 jaar) wat dikwels as "minder bevoorreg" gesien word, deur Sy Gees op te rig om te bid. Dit is nie net in Suid-Afrika aan die gebeur nie, maar ook wêreldwyd. Dit is 'n nuwe en buitengewone beweging van die Heilige Gees, veral oor die laaste 7-10 jaar.

'n Ander aspek van gebed waaroor ek baie opgewonde is, is dat ons begin sien hoedat die Here God deur Sy Gees besig is om 24/7 gebedswagte in tronke op te rig. Gedurende die *10 Dae* van gebed voor die *Wêrelddag van Gebed* op 11 Mei hierdie jaar, is daar in 'n tronk in Johannesburg deur 96 gebedswagte aktief vir gemiddeld 15-16 ure per dag vir die *10 Dae* gebid. In 'n tronk in Pretoria was daar 6 gebedswagte wat vir die *10 Dae* gebid het. In 'n ander tronk in die Kaap was daar drie gebedswagte. En dan is dit nie die bewaarders nie, maar die gevangenes self wat bid. Gevangenes is besig om tot bekering te kom in die tronke en baie se lewens verander radikaal soos wat hulle geestelik begin groei en dissipels van die Here Jesus word.

'n Woord oor die krag van God
Daar word vandag baie gepraat oor God se krag teenoor menslike krag. Christene is vinnig om die kerk te "beskuldig" van kragteloosheid. Maar as ons die kerk vir 'n oomblik kan los, wil ek vra: is die krag van God in jóú lewe sigbaar en teenwoordig? Dit is die belangriker vraag. Die krag van God kom wanneer ons Jesus se woorde glo en daarvolgens leef. Dit kom wanneer ons God meer vrees as mense. Die krag van God kom wanneer ons ons eie sonde bely en ophou om aanhoudend die sonde van ander uit te wys. Die krag van God kom wanneer ek leer om my eie lewe onder beheer van die Heilige Gees te stel en Hom stiptelik en radikaal te gehoorsaam. Die krag van God raak eers sigbaar wanneer iemand in gebrokenheid voor God begin leef. God se krag word sigbaar daar waar daar oortuiging van sonde is, en die oortuiging lei tot reiniging van daardie sonde, wat lei tot 'n heilige lewe. Daar is geen krag van God sonder 'n heilige lewe nie.

Laat ons eerstens God self soek. Wanneer ons God self soek, is Sy krag wat deur ons werk as't ware 'n "byvoordeel" van ons lewe in Hom. Te veel van ons fokus val egter op die "byvoordeel" van God se krag. Daar bestaan nie iets soos krag sonder God nie. God self is die krag. En onthou: die krag is nooit óns krag nie, dit is God wat deur ons werk. Te veel mense glo die krag is in of uit hulleself, dat hulle dit besit. Nee, die krag van God is alleen die krag van God as God self deur ons werk. En vir God om deur ons te werk, vra dat ons sal sterf aan onsself, ons wil, menings en emosies, dat ons uit die pad uit sal kom sodat God ongehinderd deur ons kan werk.

Daar is vandag baie aansprake van mense op die kragtige werking van God en op herlewing, maar te dikwels is daar geen trane, geen oortuiging van sonde, geen gebrokenheid en ook nie 'n heilige lewe en vrees vir God nie. Te dikwels sien ons mense wat opgeblase en vol vertoon is, "sterk" in hulleself, mense wat alles weet, vol selfvertroue is (vertroue wat dus vertroue in die self is). Let wel: om 'n "lekker tyd" in 'n kerk te hê, lofprysing en aanbidding te doen wat die vlees bevredig en ons gees leeg, onvergenoegd en onveranderd laat wanneer ons huis toe gaan, het weinig met die krag van God te doen.

Een van ons grootste probleme vandag is dat ons oortuig is God is daar net vir ons en dat dit eintlik alles oor ons gaan. Nee, dit gaan oor God. Dit gaan nie in die eerste plek oor my genesing, my voorspoed, my sukses en my behoeftes nie, maar oor Jesus en oor Hom alleen en hoe Hy verheerlik word wanneer Hy genesing, voorspoed, sukses en antwoorde gee op my gebede. Ons is so geneig om die lewe te draai en te verdraai dat alles op die ou end oor ons gaan. Geestelik doen ons dieselfde. Ons kom so maklik by 'n punt waar ons onsself in die middelpunt van die "heelal" plaas en nie meer God nie. Ons sien en beredeneer dinge vanuit ons (menslike) perspektief en nie vanuit God se perspektief nie.

Ek lees van die herlewing in Korea in 1907. Die sendeling wat die aand in die byeenkoms was toe die herlewing uitgebreek het, het jare later gesê: "Mag God gee dat ek nooit weer teenwoordig sal wees wanneer herlewing uitbreek nie. Dit is 'n verskriklike belewenis." Die heiligheid van God is oorweldigend. Ons bid maklik vir herlewing en God se krag. Maar wat sal gebeur wanneer dit kom? Is ons lewens so skoon dat God na my en jou toe kan kom sonder dat Sy oordeel ons sal vernietig oor die sonde wat in ons lewens is?

Ek wil elke Christen in hierdie land aanmoedig om die boek van *Roy Hession, Die Kruisweg* te kry en biddend deur te lees. Wie dit lees, werklik luister en dit in sy lewe toepas, sal iets van die krag van God in sy/haar lewe begin sien deurbreek. Mag God self jou deur die Heilige Gees in die volgende drie maande leer en lei wanneer jy bid.

Bennie Mostert
Besturende Direkteur: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Ef.3:20

Die Global Prayer Alert

Die Global Prayer Alert is 'n weeklikse e-pos gebedsgids vir individuele bidders, gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte om ingelig en op 'n gereelde basis te bid. Hierdie gebedsgids is 'n inisiatief van *Jerigo Mure Internasionaal* en word moontlik gemaak deur jou gereelde donasies. Die *Global Prayer Alert* vervang die daaglikse BID VANDAG met

'n weeklikse *Global Prayer Alert*, met ' spesifieke fokus op persoonlike, stadswye, landswye en internasionale sake van belang. Om in te teken op die *Global Prayer Alert* in Afrikaans, stuur asseblief 'n e-pos aan bid_7dae-subscribe@associate.com. Om in te teken op die Global Prayer Alert in Engels, stuur asseblief 'n e-pos aan pray_7days-subscribe@associate.com. **Vir meer inligting is jy welkom om ons te skakel by 021 919 7988.**

Wat, waar en wanneer?

Nasionaal

12-13 September: Angus Buchan op Nuweland

Gesinne word uitgenooi om hulleself te verootmoedig en op 12-13 September 2008 op Nuweland se krieketstadion te kom bid. Besprekings kan by *Computicket* gedoen word. Vir meer inligting kontak: Sias le Roux (Shofar), sel: 083 915 8000 of e-pos: angusnewlands@pro-events.co.za

29 September - 3 Oktober 2008: *Watchman's School of Prayer*

Die 7de *Watchman's School of Prayer* neem hierdie jaar die vorm van 'n gebedsretreat aan. Die fokus is vanjaar op verskillende gebedsmodelle soos bv. die *Harp & Bowl* intersessie- en aanbiddingsmodel en Woordwagte as 'n manier om dag en nag met God in gesprek te wees. Daar sal geleenthede wees om alleen met God te wees en lering sal gegee word oor hoe om 'n dieper gebedslewe te beoefen. Ons gaan kyk na kreatiewe maniere van korporatiewe en individuele gebed en hoe om 'n 24/7 gebedswag te begin en aan die gang te hou in jou kerk en gemeenskap. Nuwe praktiese sessies oor hoe om vir persoonlike behoeftes te bid asook oor hoe om vir siekes en vir jou gemeenskap te bid, word vanjaar bespreek. Daar is slegs akkommodasie vir 120 persone teen R850 per persoon. Registreer so gou as moontlik by Lizette by tel: 021 919 7988 of e-pos: watch@jwipn.com

3-25 Oktober 2008: *Leierskapsberaad*

Willow Creek Suid-Afrika bied weer hierdie jaar in Oktober 'n *Leierskapsberaad* aan. Alle leiers, kleingroep-leiers, predikante, pastore en jongmense wat graag 'n verskil in hulle gemeenskap wil maak, word genooi om vir hierdie opleidingsgeleenthede te registreer. Registreer vandag nog jou leierspan om van nuuts af verfris, geïnspireer en bemoedig te word. Vir verdere inligting oor plekke en datums vir streeksbyeenkomste, kontak *Willow Creek SA* by tel.: 012 665 4688, faks: 012 665 2844, webruimte: http://www.willowcreeksa.co.za/conf-national.html of e-pos: admin@willowcreeksa.co.za

Internasionaal

Internasionale Dag van Gebed vir die Vrede van Jerusalem

Christene neem ook deel aan die *Internasionale Dag van Gebed vir die Vrede van Jerusalem* op die eerste Sondag in Oktober met die één doel voor oë: volgehoue, ernstige en ingeligte wêreldwye intersessie vir die plan en doelwitte van God vir Jerusalem en al sy mense. Christen-leiers vertrou die Here dat 175 nasies hierdie jaar sal deelneem. Dit beteken dat meer as 300 miljoen gelowiges hieraan gaan deelneem. (Vir meer inligting besoek hulle Webruimte by: http://ew.us.churchinsight.com/group/group.aspx?id=1000002767).

30 Oktober - 4 November: *The Global Mission Commission Consultation*

Hierdie konsultasie sal hoofsaaklik fokus op sendingverwante sake soos kontekstualisering, toewyding in sending te midde van konfliksituasies, geweld, vervolging en lyding. Hulle taakgroep, genoem *Global Missiology Task Force* het werkspanne wat oor hierdie onderwerpe navorsing doen en lesings voorberei vir hierdie geleentheid asook vir toekomstige publikasies. Geskoei op die uitkoms van hierdie dinkskrums, sal die laaste dag gewy word aan besprekings oor die toekoms van wêreldsending. Bid dat die Here self met hulle sal praat en dat Sy koninkryk regtig by hierdie konsultasie sal baat. (Webruimte: http://www.worldevangelical.org, of kontak Bertil Ekström, by e-pos: bekstrom@worldevangelical.org of Kees van der Wilden by kees@worldevangelical.org).

HET U GEWEET?

Bulembu uitreik en gebedsinisiatief

Tuks Missions het gevoel dat God hulle roep om 'n bietjie waaghalsig te raak en iets te doen wat groter is as hulleself, veral gedurende hulle sendingweek hierdie jaar. Hulle plan was om 1 000 studente op 'n uitreik na Bulembu in Swaziland te neem. Tien dae lank het hulle gehelp om huise reg te maak, gehelp in skole, in die kliniek en groentetuine aangeplant om die groeiende gemeenskap van weeskinders in hierdie sendingstasie dorp te onderhou. As deel van hulle uitreik het hulle twee sessies van 12 ure elk ononderbroke gebed gehad vir herlewing en vir die nasies met die doel om vir die studente te wys hoe belangrik en kragtig gebed is. (Nadine van der Wat, sel: 082 404 6947 of e-pos: missnadine@tuks.co.za).

City Wide Watch

Die *City Wide Watch (Stadswye Gebedswag),* 'n *Jerigo Mure* gebedsinisiatief, is in April hierdie jaar in Kaapstad begin in 'n poging om 1 000 plaaslike kerke in die stad te verenig in 'n volgehoue siklus van 24/7 gebed en aanbidding. Die fokus is om 1 000 kerke oor die volgende drie jaar te mobiliseer om 24 uur per dag te bid vir herlewing en vernuwing van die kerk, vir verlossing van ongereddes en vir die uitdagings waarvoor hulle te staan kom in gebroke gesinne in die stad, huishoudelike geweld, dwelmverslawing onder jongmense (tik ens.) en homoseksualiteit. Hulle is baie opgewonde om te sien hoedat die kerk op die oproep begin reageer en begin om sy plek op die muur in te neem en in die bres te tree vir die vestiging van God se koninkryk op die aarde. (Dave Donald, tel.: 021 557 1772, of e-pos: citywatch@jwipn.com).

Sjina het gebed nodig

Sjina het gedurende Mei vanjaar die mees vernietigende aardbewing in dekades beleef. Ongeveer 10 miljoen mense in die provinsie Sichuan is direk beïnvloed deur die 7,9 aardbewing wat hele dorpies platgevee het. Ernstige verliese is gely en in sommige dorpies is daar geen enkele huis oor nie. Sover vasgestel kon word is byna 70 000 mense dood, ongeveer 400 000 is beseer en byna 20 000 is op 'n lys van vermiste persone. Bid dat die Sjinese owerhede effektief in Sichuan, een van die land se armste provinsies, sal ingryp. Bid dat die kerk se genesende teenwoordigheid en Christelike getuienis in hierdie tyd sigbaar sal wees. (*Ethnos Asia Ministries*, webruimte: http://www.ethnosministries.org en http://en.wikipedia.org/wiki/2008_Sichuan_earthquake of e-pos: info@ethnosministries.org).

Wat is aanlyn?

Hollywood Gebedsnetwerk

Webruimte: http://www.hollywoodprayernetwork.org

Die nuwe *HPN KIDS Prayer Calendar* groei maandeliks en baie kinders begin bid vir die professionele kinders van Hollywood. Besoek die webruimte as jy meer wil uitvind oor die *Hollywood Prayer Network* en hoe om vir hierdie jongmense te bid.

Interaktiewe Hulpmiddel vir die leer van Arabies

Webruimte: http://www.pacificarabic.com/?vocab_applet.html

Is jy besig om Moderne Standaard Arabies aan te leer? Wil jy graag 'n gratis hulpmiddel hê om jou te help om jou woordeskat te oefen met behulp van die baie gewilde *Alif Baa* reeks? ***Waarskuwing*: Die onderhouers van die webruimte is NIE gelowiges NIE. Moet dus GEEN sendinginligting gee nie.**

Wêreld Bybelvertalers

Webruimte: http://www.wbtc.com/site/PageServer?pagename=downloads_main

Hier kan jy Bybels aflaai in PDF formaat in verskillende tale soos Arabies, Goedjarati, Tamil, die Engelse vertaling vir dowes ens.

24/7 Gebedswagfokus: September-Desember 2008

Die gebedsfokusse op hierdie bladsy is daarop gemik om mense wat betrokke is by 24/7 gebedshuise te help om gelyktydig op dieselfde gebedsonderwerpe te fokus. Hierdie is slegs riglyne en koördineerders van gebedswake kan hulle eie fokusse hierby voeg soos die Heilige Gees hulle lei. Wil jy dit nie oorweeg om hierdie gebedsversoeke op kreatiewe maniere in jou gebedskamer op te plak of om dit in jou stiltetyd te gebruik nie? Sê ook vir ander hiervan en moedig hulle aan om oor hierdie sake te bid. Meer inligting oor hierdie sake is gratis beskikbaar op ons webruimte by: http://www.jwipn.com/. Onthou om ook sommer op ons *Global Prayer Alert* in te skryf by cape@jwipn.com wat weekliks op aktuele sake fokus.

September: *Ramadaan*

Elke jaar hou Moslems 'n vastyd van 30 dae. (Lees die artikel in die verband). Hierdie jaar vind *Ramadaan* plaas vanaf 1-30 September. Die kerk van die Here Jesus wêreldwyd verenig weer om vir Moslems te bid sodat hulle die liefde van God die Vader deur Sy Seun Jesus Christus sal verstaan. Julle sal sien dat ons spesifieke gebedsversoeke geplaas het op elkeen van die dae in September wat fokus op 'n bepaalde groep Moslems in verskillende lande. Daar gaan ook tientalle gebedsreise onderneem word deur gelowiges wat lande in die Midde-Ooste en Sentraal-Asië gaan besoek om daar te gaan bid.

Oktober: Indië

Indië is 'n land met 1,3 miljard mense, 21% van die totale wêreldbevolking. Dit beteken daar woon 28 keer meer mense in Indië as in Suid-Afrika. Die drie grootste godsdienste in Indië is Hindoeïsme, Boeddhisme en Islam. Ons gaan die hele Oktober op Indië fokus. Oor die afgelope 15 jaar het die aantal Christene in Indië verdubbel. Dus is daar oor die afgelope 15 jaar soveel Christene by die kerk gevoeg as in die voorafgaande 200 jaar. Veral onder die Dalit (270 miljoen) wat as die uitgeworpene "untouchables" beskou word, is daar tans letterlik duisende mense wat daagliks tot bekering kom en kerke wat geplant word. Selfs mense vanuit die heel hoë kastes van Indië is besig om in al groter wordende getalle tot bekering te kom. Die nood aan werkers en fondse in Indië is astronomies. Hierdie geleentheid om die evangelie aan die Dalit te bring, tel waarskynlik onder die 10 grootste geleenthede in die geskiedenis om die evangelie aan 'n bepaalde groep mense te bring.

November: *Vervolgde Kerk*

Elke jaar word ten minste 160 000 Christene vir hulle geloof in Christus Jesus doodgemaak. Dit is 'n geweldige groot getal mense. Maar aan die positiewe kant is dit persentasiegewys in terme van die wêreldbevolking, die minste vervolging wat die kerk oor die afgelope aantal eeue beleef het. Dit is ons verantwoordelikheid as medegelowiges om vir ons vervolgde broers en susters te bid. Laat ons bid vir veiligheid, vir volharding in geloof, vrymoedigheid om te getuig, vir wetgewing wat dit vir Christen-gesinne moontlik sal maak om prakties en onbelemmerd hulle geloof uit te leef. Laat ons ook bid vir die honderde duisende gesinne wat 'n vader, 'n moeder of 'n kind verloor het oor die afgelope dekade. Daar is baie verskeurdheid, verwarring, pyn, vrees en onbeantwoorde vrae. Laat ons huil saam met die wat huil, medelye hê met die wat ly en minstens bid dat God hulle sal versterk en beskerm.

Desember: Gesinne

Gesinne bly die fondasie van enige gemeenskap en land. Wanneer die gesin verbrokkel, verval die samelewing, verdwyn sekuriteit uit huise, vervaag gesagstrukture, word kinders opstandig en raak hulle vervreemd. Die eerste ding wat gewoonlik gebeur, is dat vaders uit huise padgee. Dit het 'n buitengewoon verwoestende effek op gesinne, en lei tot rebellie, dwelmisbruik, drankmisbruik, wetteloosheid en minagting van gesag, asook bandeloosheid en immoraliteit. Dit is hoe ons land op die oomblik lyk. Mag God ons hiermee help. Desember is gewoonlik die maand wanneer gesinslede mekaar weer sien. Bid vir die herstel van verhoudings, versoening en die genesing van baie pyn in gesinsverhoudings.

Ramadaan: Die Vyfde pilaar van Islam

Vanaf 1-30 September 2008 bid ons vir die wêreld se ongeveer 1,7 miljard Moslems, vir God se genade en dat die Heilige Gees Jesus Christus, God se Seun, aan hulle sal openbaar. Dit is insiggewend om te sien hoedat die Here Christene van oor die wêreld oproep om vir Moslems te bid. Laat ons nie ophou bid nie. Wonderlike dinge gebeur en groot getalle Moslems plaas hulle vertroue en hulle lewens in Jesus Christus as Verlosser.

Jy kan die gebedsaanwysings in hierdie boekie gedurende hierdie tydperk volg. Oorweeg dit om ander te nooi om saam met jou in jou weeklikse biduur of Bybelstudie tydens September ook vir die bekering van Moslems te bid. Dit is ook 'n wonderlike geleentheid om kinders te leer om te bid vir mense wat die Here nie ken nie. Vir meer gebedsinligting besoek webruimte: http://www.30-days.net. Die elektroniese gebedsgids vir Ramadaan vir kinders is nou beskikbaar vanaf dieselfde webruimte.

Ramadaan strek oor 'n tydperk van 30 dae. Gedurende hierdie tyd eet Moslems gedurende die daglig ure niks nie. Dit is die vyfde pilaar van Islam, verpligtend vir Moslems en deel van dit wat hulle moet doen om genoeg goeie werke bymekaar te maak sodat hulle in die hemel kan kom. Honderde miljoene Moslems vas gedurende *Ramadaan*. Elke Moslem probeer om Mekka ten minste een keer in sy lewe te besoek.

As Christene glo ons dat die pad na versoening met God en so ook die pad na die hemel is deur Jesus, ons Verlosser, se offer aan die kruis te aanvaar. Goeie werke verdien nie vir ons die ewige lewe nie. Nogtans doen ons goeie werke omdat ons harte gevul is met dankbaarheid en om God se liefde aan mense prakties te wys.

Kom ons bid dan gedurende hierdie 30 dae vir Moslems:

- Dat God Sy Seun Jesus Christus en Sy al-genoegsaamheid aan hulle sal openbaar.
- Vir 'n begrip van God se genade, barmhartigheid, vergifnis en liefde in die harte van Moslems.
- Ons onthou dat die Here vir almal goed is en barmhartig is oor alles wat Hy geskep het (**Ps.145:9; Ps.103:22; Ps.103:8; Ps.57:3; Ps.89:14**).
- Kom ons bid nie veroordelend en in vrees nie – maar uit harte wat gevul is met liefde en deernis.
- Kom ons bid met hoop in God dat Hy miljoene Moslems sal red en met Hom sal versoen deur Jesus Christus.
- Kom ons bid dat die Here Moslems sal seën en sal genees, dat Hy hulle sal herstel sodat hulle tot 'n persoonlike verhouding met Hom sal kom.
- Bid dat hulle God as hulle Vader sal erken. Die heersende gees in Islam is 'n gees van 'vaderloosheid'. Moslems het 99 name vir Allah, maar hy word nooit beskou as 'n god van liefde of as 'n vader nie.

Gebedsfokus op sendelinge

Gedurende die maand September gaan ons, saam met die gebedsfokus vir die redding van Moslems, ook bid vir die miljoene sendelinge wat in die buiteland werk. 'n Mens kan jou die eensaamheid indink wat hulle dikwels ver van die huis af beleef, dikwels moet hulle ook die spot van nie-Christene verduur. Ons gebed is dat God ons konstant daaraan sal herinner om ook die werkers in die oesland deur gebed te dra, dat hulle Sy troos sal ervaar en ook die vreugde sal beleef van ander wat by hulle aansluit en dat hulle nie die impak van ekonomiese veranderinge in die wêreld op hulle werk sal vrees nie.

DAG-TOT-DAG-GEBEDSGIDS: SEPTEMBER 2008

Maandag 1 September 2008

Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat egpare se vertroue in mekaar sal toeneem, vir mekaar sal bid en mekaar sal bemoedig te midde van moeilike omstandighede in 'n vreemde land.

Gebedsfokus op redding: Polisiemanne en -vroue

Hy (God) vra van jou dat jy reg sal laat geskied (**Miga 6:8**).

Die polisie in ons land is in die spervuur. Daar is baie berigte van korrupsie in hulle geledere. Bid vir die redding van polisiemanne en -vroue sodat hulle vanuit harte wat in die regte verhouding met God is, geregtigheid sal verstaan en daarom hulle werk met geregtigheid en integriteit sal doen. Alleen berou en wedergeboorte sal die harte van mense verander om die regte dinge te doen.

***Ramadaan gebedsfokus*: 1 September – 30 September 2008**

Dag 1: Moslemvroue se leë drome

In Tadjikistan is die gemiddelde jaarlikse inkomste in die omgewing van 250 euro per persoon. Daar is slegs sewe miljoen mense in Tadjikistan, van wie een miljoen in Rusland werk. Baie mans trou met meer as een vrou. Vroue en kinders is in die meerderheid. Die vroue bly in die dorpies te midde van spanning tussen ou tradisies, ateïsme en 'n nuwe vlaag van radikale Islam. Daar is min Gelowiges in Tadjikistan.

- Bid vir toenemend gesonde en Bybel-georiënteerde gesinne onder die volgelinge van Jesus in hierdie nasie.
- Bid dat die vele Tadjikse mans in die buurlande met die Goeie Nuus bereik sal word.

Dinsdag 2 September 2008

Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat ongetroude sendelinge in hulle verhouding met Jesus sal groei, nie eensaam sal voel en nie by enige verhoudings betrokke sal raak wat buite God se wil is nie. Vra vir hulle emosionele welsyn terwyl hulle voortgaan met hulle werk.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**

Dag 2: Saoedi-Arabiese stamme: Die Sjahran

Die Sjahran-stam het 'n geskatte 250 000 lede en is een van die grootste stamme in Arabië. Khamis Mushayt is die agtste grootste stad in Saoedi-Arabië met 'n bevolking van ongeveer 630 000. Daar is op die oomblik baie min, indien enige, volgelinge van Jesus in hierdie stam.

- Bid vir geleenthede dat lede van die Sjahran die evangelie sal hoor deur middel van die radio, die Internet en moontlike satelliet-uitsendings terwyl hulle oorsee reis.
- Die meerderheid van hierdie stam is basies afgesny van enige noemenswaardige toegang tot die evangelie. Dit is onwettig om die evangelie in Saoedi-Arabië te verkondig. Baie Christelike Internetplekke is geblokkeer en baie min van Jesus se volgelinge reis of woon ooit in Khamis Mushayt en die omliggende gebied.

Woensdag 3 September 2008

Gebedsfokus op sendelinge: Bid vir sendelinge se kinders, dat hulle in hulle skole sal aanpas, vriende met plaaslike inwoners sal maak en die vertroue van hulle onderwysers sal wen. Vra vir emosionele aanpassing en om die lewenswyse in 'n vreemde land te verwerk.

Basiese behoeftes fokus: Hoër voedselpryse

Die wêreldwye probleem van stygende voedselpryse word ook in Suid-Afrika beleef. Baie mense reageer deur met stakings te dreig. Verskeie mense het reeds tydens voedselprys-oproere in ander dele van die vasteland gesterf. Die drastiese verandering in die wêreldwye landbou situasie het 'n groot invloed op die beskikbaarheid van voedsel. Rys produserende lande soos Viëtnam en Indië het 'n verbod op uitvoere geplaas in 'n poging om binnelandse pryse te onderdruk. (Webruimte: http://www.busrep.co.za/index.php?from=rss_&fArticleId=4352832). Roep asseblief die Here

aan oor hierdie situasie. Bid dat mense nie iemand hiervoor sal blameer nie, maar sal verstaan dat die kern van die probleem buite enige regering se beheer is. Bid dat mense God sal begin aanroep vir genade en vir 'n deurbraak.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 3: Die Bakhtiari-mense van Iran
Die Bakhtiari-mense se getalle lê tussen 750 000 en 1 000 000 en woon in die suid-weste van Iran. Die Bakhtiari is verdeel in stamme, substamme en familiegroepe. Ongeveer die helfte van die mense behou hulle tradisionele lewenstyl van herderskap vir mans en matte weef en tuisteskepping vir vroue. Die res is gevestig en betrokke by landbou en 'n verskeidenheid kommersiële bedrywighede. Daar is ongeveer 350 000 Bakthiari-sprekendes wat net een taal praat, van wie die meeste Moslems is. Dit is bemoedigend om te weet dat die getal Gelowiges in Iran oor die laaste 30 jaar toegeneem het van minder as 300 tot tussen 800 000 en een miljoen.

- Bid tot God om die harte van die Bakhtiari-mense teenoor die volgelinge van Jesus te versag sodat hulle ontvanklik sal wees vir die evangelie.
- Bid dat intersessors vir die Bakhtiari-mense na vore sal kom.
- Bid vir die ontwikkeling van geskikte bedieningsmateriaal en -middele in die Bakhtiari-taal insluitend Skrifvertalings, radio-uitsendings en die *JESUS Film.*

Donderdag 4 September 2008
Gebedsfokus op sendelinge: Bid vir sendelinge in vreemde lande, dat God hulle bonatuurlike genade sal gee om die tale van hulle streek te leer verstaan, praat en skryf. Vra dat hulle suksesvol sal wees in hulle pogings om meer as een taal aan te leer.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 4: Spanje – Eeue lank onder Islam – vandag 'n moderne Europese staat
'n Groot deel van Spanje was vir amper sewehonderd jaar onder Islamitiese heerskappy. Daar is ongeveer 800 000 Moslems in Spanje, van wie die meeste redelik onlangse Marokkaanse immigrante is. Een van die grootste moskees in Europa, wat gebou is met finansiële hulp van Saoedi-Arabië, is in Madrid geleë. Alhoewel die Noord-Afrikaanse Moslems nou 'n beduidende minderheid in Spanje geword het, probeer min Spaanse Christene om Christus aktief aan hulle te verkondig.

- Bid vir groter wysheid, ywer en mobilisasie onder Spaanse Christene vir die bediening onder Moslems.
- Bid vir die verspreiding van evangeliese leesstof en DVD's in streke waar daar Moslems is.
- Bid vir radio- en TV-programme vir Noord-Afrika wat in Spanje vervaardig word.

HET U GEWEET? In verband met Moslemvroue se kleredrag: Moslemgemeenskappe het tradisioneel hulle vroue aangemoedig om goed met klere bedek te wees, dikwels van kop tot tone. Oorspronklik was daar praktiese en fisiese redes vir sodanige kleredrag in 'n woestynomgewing. Maar vandag is die hoofrede vir hierdie kleredrag volgens die Islamitiese gemeenskap om seksuele versoekings vir mans te beperk. Mans se betreklike morele swakheid op seksuele gebied word ook aangevoer as rede waarom vroue tuis afgesonder word en waarom dit nodig is dat hulle in die openbaar deur iemand anders vergesel moet word.

Vrydag 5 September 2008
Gebedsfokus op sendelinge: Bid vir sendelinge wat in vreemde lande aankom, dat hulle by die verandering in eetpatroon sal kan aanpas en ook by die verskillende nuwe voedselsoorte. Vra dat hulle liggame sterk sal bly en selfs sterker sal word ten spyte van die drastiese verandering in dieet.

Evangelisasie fokus: *Trans Wêreld Radio (TWR)*
Met die hulp van *TWR* is radioproduksieleiers in Wes-Afrika met groot entoesiasme besig om te leer hoe om die evangelie te verkondig aan mense wat slegs mondelings kommunikeer. Net soos wat Jesus vergelykings en verhale aan Sy volgelinge vertel het, kan Bybelse vertellings oor die radio, die harte van luisteraars aanraak. Een-en-twintig verhale

is reeds voorberei deur twee *OneStory* programleiers in die Fulfulde en Kanuri tale. (Tale gepraat deur mense in Nigerië, Niger, Tsjad, Kameroen, Libië en Soedan). (*Trans World Radio-SA*. Tel.: 011 974 2886, faks: 011 974 9960, sel: 083 387 3037. Webruimte: http://www.twr.org.za of ddupreez@twr.org.za. Luister na *TWR* op DStv 'audio bouquet channel 55'). Dank die Here vir die seën op *TWR* se werk. Bid vir wysheid en insig vir die programleiers wat besig is met 'n intensiewe eenjaar opleiding voordat hulle sal begin werk aan programme vir hulle eie mense.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 5: Die uitdaging: Om die Bugis van Indonesië te wen
Indonesië bestaan uit 17 508 eilande, met 'n geskatte bevolking van 234 694 000. Dit het die grootste Moslembevolking ter wêreld: 86,1% Moslems, Christene 8,7%, Hindoes 1,8%, ander 3,4%. Die Bugis het 'n reputasie as fanatiese Moslems met 'n geskiedenis van wrede vervolging van Christenminderhede. Hulle is ook betrokke by animistiese geestelike praktyke, soos om krag by die geeste van dooies te vra ensovoorts.

- Bid dat minstens 1 000 Bugis vanjaar vir die Here gewen sal word.
- Bid dat die struikelblokke van Islam en okkultiese praktyke onder die Bugis oorkom sal word.
- Bid vir meer Indonesiese werkers wat groot opofferende geloof sal hê om God se koninkryk op te bou. Mag finansiële kwessies nie hulle aandag van hulle bediening aflei nie.

Islam groei in Europa

Onlangse intelligensieverslae bring die volgende aan die lig:

1. **FRANKRYK**: In 1945 was daar 100 000 Moslems in Frankryk. Vandag word hulle getalle amptelik op 6 miljoen bereken (60 X groei), dus 10% van die bevolking. Daar is 1 000 moskees in Frankryk.
2. **HOLLAND**: Moslems maak amptelik 15% van die bevolking uit.
3. **BELGIË**: 10% van die bevolking is Moslems. Die helfte van alle babas wat vandag in België gebore word, is Moslems.
4. **DUITSLAND**: 2 miljoen Moslems (Berlyn het die vierde grootste Turkse bevolking in die wêreld).
5. **BRITTANJE**: 2 miljoen (van 82 000 – 30 jaar gelede – 25 X groei). Daar is 1 000 Moskees in Brittanje.
6. **SWEDE**: 400 000 Moslems. Geweldige groei in anti-Semitiese aanvalle op die Joodse bevolking in Swede.
7. **DENEMARKE**: 200 000 Moslem immigrante probeer om hulle anti-Israeli, anti-Amerikaanse beleid op die 5 miljoen Dene af te dwing. Al is Moslems net 4% van die bevolking, gebruik hulle meer as 40% van die land se maatskaplike besteding.
8. **ITALIË**: 1 miljoen Moslems.
9. **Die Saoedi-Arabiese regering** het die bou van 1 500 Moskees gefinansier, 210 Islamitiese sentrums, 202 kolleges en 2 000 madressas (Islamitiese Koran-skole) in nie-Moslem lande – meestal in Europa. Terwyl die gemiddelde Europese vrou 1,5 kinders het, het die gemiddelde Moslemvrou in Europa 6-8 kinders. (Webruimte: http://www.frontline.org.za/articles/reforislam.htm).
10. Roep die Here aan vir die **redding van Moslems** in elke land van die wêreld.

Saterdag 6 September 2008
Jeugfokus: *Pneumatix*
Bid vir *Pneumatix* wanneer hulle meer as 24 verskillende dorpe in Suid-Afrika met hul bediening aan skole en die gemeenskap besoek. Hulle hoofdoel is om op 'n unieke wyse hoop en transformasie vir die jeug van Suid-Afrika te bring. Bid vir aansoeke van nuwe studente vir 2009 en toerbesprekings. Bid ook vir die beskerming van die kampus, aangesien hulle gedurende 2007/08 'n ernstige aanval in dié verband beleef het. Bid vir hul vennote in hierdie moeilike ekonomiese tye, dat God hulle steeds oorvloedig sal seën. (*Pneumatix*, tel.: 021 858 1877 [uitbr. 2], faks: 021 858 1268, selfoon: 082 374 2690).

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 6: Oorlewing in Toerkmenistan, Sentraal-Asië
Toerkmenistan is die vyfde grootste verskaffer van natuurlike gas wêreldwyd, tog is ongelykheid aan die orde van die dag en die meeste inwoners van die gebied sukkel om te oorleef. Aan die begin van 1998 is byna alle sendelinge deur

die regering van Toerkmenistan verban. Huisgroepbyeenkomste van enige aard is verbode en mense wat geloofsbyeenkomste in die geheim bywoon, loop die risiko om hulle huis en werk te verloor as hulle betrap word. Desondanks hou die kerk stadig aan met groei. Die bestaande Nuwe Testament in die taal van Toerkmenistan moet hersien word om foute te korrigeer en dit meer eietyds te maak. Die vertaling van die Ou Testament is nog nie afgehandel nie.

- Bid vir die hersiening van die Nuwe Testament en die voltooiing van die Ou Testament in die taal van Toerkmenistan.
- Bid vir die nuwe President, Gurbanguly Berdymuhamedov, wat in die weë van sy voorganger volhard, dat God sy hart sal aanraak en sy lewe sal verander.

Sondag 7 September 2008

Memoriseer
Ons weet dat, solank as ons in die liggaam bly, ons nog nie by die Here woon nie, want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie. Ons is vol moed en sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon (**2 Kor.5:7-8**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling
Ten opsigte van die wêreld se 7 148 tale, bestaan daar by ten minste 2 000 tale die behoefte aan vertaling van die Nuwe Testament en by meer as 2 000 ander moet 'n behoeftebepaling nog gedoen word. Om God se Woord in die moedertaal van elke nasie in die wêreld beskikbaar te stel is fundamenteel vir wêreldevangelisasie. Baie agentskappe is toegewy daaraan om die Skrif vir almal beskikbaar te maak. Die meeste van hulle is lede van die Forum van Bybelagentskappe, wat in 1992 gestig is om die werk van Bybelvertaling en Bybelverspreiding te kombineer. Hierdie Forum het die afgelope agt jaar toenemend belangrik en strategies geword. (Webruimte: http://www.operationworld.org). Dank die Here vir hierdie Forum wat dit nou moontlik maak om die getal Bybelvertalings waaraan daar gewerk word, te verhoog en die tempo waarteen dit afgehandel word, te versnel. Bid asseblief vir elke persoon wat aan Bybelvertaling werk, dat God hulle deur Sy Heilige Gees sal inspireer om voort te gaan en hulle taak te voltooi.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 7: Uitdagings vir nuwe Gelowiges
Nuwe Gelowiges uit 'n Moslemagtergrond het baie vrae en daarby ervaar hulle ook intense sielkundige druk. Dit sluit o.a. vrees in vir Allah, dat hy hulle sal straf as hulle van geloof verander en ook vrees vir hulle gesinne en familie of gemeenskappe en die dood. Hulle kry emosioneel swaar oor moeilike keuses, veral wanneer die wet teen hulle is of wanneer Gelowiges nie diegene vertrou wat tot geloof kom nie. Sommige ondervind dus verwerping deur beide hulle gemeenskap en die Liggaam van Christus.

- Bid vir kulturele sensitiwiteit en respek by Gelowiges wanneer hulle met Gelowiges uit 'n Moslemagtergrond omgaan.
- Bid dat hele gesinne hulle tot Christus sal bekeer, veral diegene wat invloedryke posisies beklee, sodat baie meer deur hulle getuienis geraak sal word.

Maandag 8 September 2008
Gebedsfokus vir sendelinge: Bid dat sendelinge sal kan aanpas by die ontsaglike kulturele verskille in die lande waarheen God hulle geroep het. Vra dat hulle die guns van die plaaslike mense sal wen en vir praktiese wysheid in hulle daaglikse lewe tussen diegene onder wie God hulle geplaas het.

Gebedsfokus op redding: Kommentators en platejoggies
Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser (**Ps.19:15**). Radiokommentators en platejoggies bereik en beïnvloed groot getalle mense. Bid vir hulle redding, sodat hulle woorde God sal vereer en hulle idees nie mense sal mislei of hulle negatief sal beïnvloed nie. Vra dat hulle sal ophou om suggestiewe grappe te vertel en nie hulle luisteraars op hierdie wyse sal besoedel nie. Bid dat hulle met groot sensitiwiteit sal optree en hulle sal weerhou van misleidende berigte. Vra ook dat hulle nie hulle eie idees en veral idees wat nie tot eer van God strek op die voorgrond sal stoot nie.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September2008**

Dag 8: Ghana: Vreedsaam ten spyte van geloofs- en ekonomiese verdeeldheid

Islamitiese lande het 'n groot bedrag geld daarin belê om Islam na verskeie etniese groepe te neem. 'n Vesting van Islam in Ghana is die stad Wa in die noordweste van die land. Die meeste van die inwoners is Moslemhandelaars. Die Gelowiges in Wa het egter wel verlede jaar 'n paar mense na Jesus gesien kom. Die afgelope dekade het die Christene uit die suide van Ghana meer as 1 400 kerke in die noordelike dele van die land geplant.

- Bid vir die Ghanese wat probeer om Christus aan die Moslems bekend te stel.
- Bid dat die mense van Wa ontvanklik sal word vir die evangelie en dat nuwe Gelowiges moedig sal wees en in hulle geloof sal groei sodat ander daardeur bereik kan word.

Dinsdag 9 September 2008

Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat die sendelinge in die buiteland geleenthede sal kry om bevriend te raak met hulle bure, mense in die dorp ensovoorts. Vra dat God hulle die vertroue sal laat geniet van diegene aan wie hulle Christus wil bedien en dat hulle geduldig en afwagtend sal bly vir geleenthede om die evangelie te bring.

***Ramadaan gebedsfokus :* 1 September – 30 September 2008**

Dag 9: Moslems in Hong Kong

Hong Kong (7 miljoen mense) word dikwels die "Pêrel van die Ooste" genoem. Dit bestaan uit Hong Kong-eiland en 'n aantal geassosieerde gebiede aan die kus van Sjina. Hong Kong se Moslembevolking sluit in 90 000 inheemse Hong Kong-bewoners (Sjinese, Indiërs, Pakistani's, Maleisiërs ens.) en ongeveer 110 000 Indonesiese trekarbeiders. Plaaslike Sjinese Gelowiges het dikwels met die Indonesiërs bevriend geraak en so het verskeie nuwe gemeentes van Gelowiges ontstaan.

- Dank God vir elke persoon in Hong Kong wat na Christus gekom het.
- Bid dat Sjinese Gelowiges in Hong Kong selfs nog meer vriende vir Christus onder Moslems sal maak. Vra dat meer Sjinese Gelowiges gewillig sal wees om Indonesiese tale te leer ten einde Christus te verkondig.
- Bid dat baie Christene wat Moslems gehuur het om in hulle huise te werk, hulle billik sal behandel en Christus sodoende deur hulle daaglikse lewe sal verkondig.

HET U GEWEET: Moslems glo in … Allah, die skepper van alle dinge, engele en bose geeste, profete (Adam, Noag, Abraham, Moses, Dawid, Jona, Jesus en Mohammed) en dat Mohammed die laaste en grootste van die profete was. Ook in die heilige boeke (die Tora, Zabur [Psalms], Injil [evangelie] en die Koran), die Dag van Oordeel vir alle mense en dat die Bybel deur Jode en Christene aangepas en verdraai is om by hulle oortuigings te pas.

Woensdag 10 September 2008

Gebedsfokus op sendelinge: Bid vir sendelinge wat in die buiteland werk – ekonomiese veranderinge beïnvloed die wisselkoers van die geldeenheid waarin hulle finansiële ondersteuning ontvang. Vra dat hulle plaaslike gemeente, vriende en ondersteuners van hierdie veranderinge bewus sal wees en hulle maandelikse ondersteuning dienooreenkomstig sal aanpas.

Evangelisasie fokus: *Every Home for Christ South Africa (EHCSA)*

EHCSA het ten doel om elke huis in die land teen die jaar 2020 te bereik. Dit gaan gedoen word deur strategiese verbintenisse te vorm met diegene wat toegewyd is aan die Groot Opdrag (**Ef.4:16**). Evangelisasie gaan plaasvind deur middel van opgeleide uitreikspanne wat stelselmatig van huis tot huis gaan beweeg en die evangelie boodskap gaan gee in die vorm van literatuur by elk van hierdie huise. Bid asseblief vir gemeentes, uitreikspanne en individue om deel te neem aan die poging om die evangelie van Jesus Christus aan elke persoon in Suid-Afrika te bring. (*EHCSA,* Posbus 7256, Centurion, 0046. Tel.: 012 663 4587, faks: 012 663 4589. Webruimte: http://www.ehcsa.co.za of e-pos: info@ehcsa.co.za).

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 10: Moslems in antieke Beijing
Beijing (vir meer as 850 jaar as die hoofstad van Sjina beskou) is die hoofstad van die Volksrepubliek van Sjina en is meer as 3 000 jaar gelede gestig. Daar is groot toewyding aan Islam onder die Hui. 'n Bietjie meer as 11 000 Hui's woon in die omgewing van die Niujie-straat in sentraal-Beijing in 'n gebied van 1,5 vierkante km rondom die beroemde Niujie-moskee, die grootste en oudste moskee in Beijing. Daar is oor die algemeen baie min indien enige Christelike getuienis teenoor die Hui Moslems. Sover bekend is daar geen Gelowiges onder die Moslem Hui in Beijing nie.

- Vra God om deure oop te maak vir Sjinese Gelowiges om Christus aan Moslems te verkondig.
- Bid dat Moslem Hui-mense in die Beijing-gebied na die ware God sal begin soek.
- Bid dat Sjinese Gelowiges suksesvol sal wees om die Moslembevolking in hulle midde te bereik.

HET U GEWEET: Belydende Moslems dwarsoor die wêreld bid vyf keer per dag gememoriseerde rituele gebede in die rigting van Mekka. Dit word op vasgestelde tye gedoen wat voortdurend met 'n paar minute elke dag verskuif na gelang van die kalender. Hier is die gebedstye vir Beijing vandag: 05:50; 12:11; 16:41; 18:32 en 20:02. Party mense sal 'n opsionele sesde keer bid, om 04:09.

Donderdag 11 September 2008
Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat ondersteuners in sendelinge se plaaslike gemeentes of bediening ten minste een keer per jaar sal probeer om iemand te stuur om die sendelinge by hulle plek van bediening te besoek. Vra dat hierdie ondersteuners waarlik tot seën vir die sendelinge sal wees en hulle sal bemoedig om voort te gaan met hulle werk ten spyte van moeilikhede.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 11: Die Ismaeli's en hulle leier
Prins Karim Aga Khan IV voer sy voorgeslag terug tot by die profeet Mohammed deur die lyn van Ali en Fatima, die profeet se dogter. Die Aga Khan se 18 miljoen volgelinge woon in meer as 25 lande. As Imam en geestelike leier van die Sjiïtiese Ismaeli's het hy volkome gesag oor sy volgelinge. Die familieband onder die Ismaeli-gemeenskap is baie sterk.

- Bid vir Prins Karim en sy familie, dat hulle almal visioene en drome van Jesus Christus sal hê en hulle denke volkome sal verander.
- Bid vir 'n geestelike honger by die Ismaeli's, dat hulle lewe in Christus sal ontdek.
- Bid vir dapperheid en sensitiwiteit vir die paar Ismaeli-gelowiges wat meesal uitgesluit is uit die gemeenskap en soms uit hulle families ook.

Vrydag 12 September 2008
Gebedsfokus vir sendelinge: Bid vir die plaaslike gemeentes en ondersteuningsgroepe van sendelinge om gereeld met hulle te skakel, om opregte belangstelling in hulle werk te toon en spesiaal moeite te doen om hulle te laat voel dat hulle ondersteuning in hulle tuisbasis geniet.

Ekonomiese fokus: Kreatiewe ontwerpe bevorder SA uitvoere
Suid-Afrika se ontwerpe wat uitgevoer word, word opgeraap van Mumbai tot by Hong Kong en dra toenemend by tot werkverskaffing en die ontginning van rykdom. Volgens beramings van die *Departement van Handel en Nywerheid* het Suid-Afrika se ambagskuns alleen jaarliks ongeveer R2-biljoen of 0.14% bygedra tot die bruto binnelandse inkomste van Suid-Afrika. Dit verskaf werksgeleenthede en 'n inkomste aan ongeveer 38 000 mense deur minstens 7 000 klein ondernemings. (Webruimte: http://www.southafrica.info/business/trade/export/edida2007.htm). Dank die Here vir antwoorde op baie gebede vir kreatiewe werkverskaffingsgeleenthede in die land. Hou aan om te bid vir hierdie klein ondernemings vir voorspoed en gunstige uitvoer geleenthede in die buiteland. Vra dat jong besigheidsmanne en vroue sal onthou dat dit God is wat hulle voorspoedig maak.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 12: Kairouan: Oudste Islamitiese stad in Noordwes-Afrika
Kairouan (ongeveer 1 300 jaar oud) is geleë in Tunisië, 'n heilige stad vir die Moslems en derde op die ranglys naas Mekka en Medina (in Saoedi-Arabië) as 'n bestemming van pelgrimstogte. Baie Noord-Afrikane beskou Kairouan as die vierde heiligste stad van Islam. Hulle skool lei godsdienstige leiers (Imams) vir die hele Tunisië op. Die enkele mense in Kairouan wat die evangelie gehoor en daarop reageer het, worstel dikwels met persoonlike kwessies; sommige toon min geestelike groei, miskien deels te wyte aan die verborge geestelike invloede wat oor die stad heers.

- Bid dat die Moslems wat in Kairouan woon, drome en visioene oor Jesus Christus sal hê met hele families en groepe wat op 'n slag tot bekering kom.
- Sommige Gelowiges in Kairouan is oortuig dat God hulle gevra het om 'n banier van lofprysing oor die stad te laat verrys. Vra dat hulle getrou sal bly en dit sal doen.

Saterdag 13 September 2008
Gebedsfokus op armes en behoeftiges: Voorgestelde toelaes vir kinders in S.A.
Die *Departement van Maatskaplike Ontwikkeling* het voorgestel dat babas wat kwalifiseer, reeds een maand na hul geboorte toelaes behoort te ontvang. Daar kan vir kinders met 'n geboortesertifikaat vir die kindertoelae aansoek gedoen word voordat hulle die ouderdom van 'n jaar bereik. Op hierdie wyse sal kinders wat kindertoelaes ontvang gekontroleer kan word en vasgestel kan word of hulle skoolgaan of nie. (Webruimte: http://allafrica.com/stories/200804140173.html). Dank die Here vir hoop op beter geleenthede vir arm kinders. Bid asseblief dat hierdie veranderinge werklik 'n nuwe geslag kinders sal bevoordeel. Vra dat hierdie dinge in alle integriteit en eerlikheid sal geskied en dat hierdie toegewing nie buite-egtelike swangerskappe sal aanmoedig vir finansiële voordeel vir die ma nie.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 13: Die Aimaq van Afganistan en Iran
"Aimaq" verwys na die mense wat in stamverband hier woon. Die stamkultuur is so oorheersend dat plaaslike gebruike en opvattings oor eer en skande belangriker is as Islamitiese of staatswette. Twiste word gewoonlik deur die stam eerder as deur die staatsowerheid opgelos. Vroue in hierdie stam geniet buitengewone vryheid in vergelyking met ander vroue op die platteland van Afganistan. Die Aimaq is grotendeels ongeletterde Sunni Moslems. Daar is enkele indien enige volgelinge van Jesus onder die Aimaq. Verskeie Christelike radio-uitsendings is in Dari en Farsi gedoen, maar die impak is nie bekend nie.

- Bid tot God dat Hy elkeen van die geraamde 900 000 Aimaq-mense wat in Afganistan en Iran woon, sal aanraak. Vra dat alle struikelblokke en weerstand om hierdie mense met die evangelie te bereik net sal verkrummel.
- Vra vir die vertaling van die Skrif in plaaslike tale aangesien slegs vier van die 10 grootste etniese groepe in Afganistan oor gedeeltes van die Skrif in hulle moedertaal beskik.
- Vra asseblief dat Christelike uitsendings en die *JESUS Film* in hulle tale beskikbaar gemaak sal word, aangesien 85% Afgane moontlik nog nooit die evangelie gehoor het nie.

Sondag 14 September 2008

Memoriseer
Die Koninkryk van God is immers nie 'n saak van praatjies nie, maar van krag (**1 Kor.4:20**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling
Wycliffe Bible Translators (WBT) het 'n merkwaardige rekord van doelgerigte toewyding aan die voltooiing van die vertaling van die Nuwe en Ou Testamente in die tale van die wêreld. Teen 1999 het *WBT*-vertalers 500 Nuwe Testamente voltooi en was betrokke by 'n verdere 1 100+ projekte. Hulle personeel is 6 000, maar dit sluit nie die duisende inheemse persone en ander vennote in wat ook by die taak betrokke is nie. In 1999 het hulle saam met hulle vennote wêreldwyd 'n Bybelvertalingprojek begin in elke taal wat 'n vertaling teen 2025 benodig. Dit impliseer nuwe werksmetodes, om mense op te lei en nasionale spanne te befonds ten einde 'n taak te verrig wat normaalweg 150 jaar sou neem. Bid asseblief dat hierdie nuwe poging baie vrug sal dra, genoeg mannekrag en fondse sal verkry en die guns van die Here sal geniet om voltooi te word, selfs voor 2025!

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September –30 September 2008**

Dag 14: 'n Groot geleentheid in Bangkok

Die amptelike Moslembevolking van Bangkok, Thailand is 262 023 mense (2000 skatting). Daar is meer as 160 amptelik geregistreerde moskees in die stad. Moslems is geneig om nie te gaan woon in gebiede waar die inwoners hoofsaaklik Boeddhiste is nie. Omdat Bangkok so 'n enorme stad geword het, is daar egter baie plekke waar Moslems met nie-Moslems meng – selfs al verkies hulle om saam met ander Moslems te woon en te werk. Bangkok se Moslems praat meesal Thai en Moslemdienste oor die radio sluit Arabiese en soms Maleisiese voorlesings in.

- Bid dat baie Moslems in Bangkok sal besef dat die lewe nie oor 'n godsdiens gaan nie, maar oor 'n persoonlike verhouding met God deur die Messias (**Joh.17:3**).
- Bid dat Bangkok se Moslems die weg, die waarheid en die ewige lewe deur Jesus Christus sal vind.
- Bid dat Thai-gelowiges in staat sal wees om positiewe en voordelige vriendskappe met Moslems op te bou.

HET U GEWEET: Die Islamitiese geloof word uitgeleef volgens die vyf "hoofpilare", wat verpligte godsdienstige praktyke vir alle volwasse Moslems is:

1. **Om die credo op te sê (*shahada*)**: "Daar is geen god behalwe Allah nie en Mohammed is sy profeet."
2. **Gebed (*salat*)** – Vyf keer elke dag.
3. **Om aalmoese te gee (*zakat*)** – Beide verpligte en vrywillige gawes aan die armes.
4. **Om te vas (*saum*)** – Spesiaal gedurende die "heilige" maand *Ramadaan*.
5. **Pelgrimstogte (*hajj*)** – Ten minste een maal in 'n leeftyd na Mekka.

Wanneer jy teenoor Moslems getuig, onthou...

1. Moet **NOOIT** die persoon van Mohammed aanval nie, maar moet hom ook nie as 'n profeet aanvaar nie. Ons is geroep om mense te help om Jesus te vind, nie om ander te kritiseer nie.
2. Moet **NOOIT** die Koran kritiseer nie.
3. Vermy polities sensitiewe onderwerpe soos die probleem in Palestina.
4. Moet hom nie probeer oortuig dat Jesus die Seun van God is nie: 'n Moslem sal dit nie verstaan of aanvaar nie. Later, as hulle die Bybel of die evangelies lees, kan jy dit aan hulle verduidelik.
5. Moenie by argumente oor temas soos varkvleis en wyn betrokke raak nie. Ons as Christene is gestuur om Jesus te verkondig en nie dieetreëls neer te lê nie. Dit is goed om te beklemtoon dat dronkenskap verkeerd is. Moenie alkohol aan Moslems bedien nie, hulle verag dit. (Die *Ramadaan* kinderboekie is ook beskikbaar van http://www.30-days.net).

Maandag 15 September 2008

Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat sendelinge die middele sal ontvang om hulle familie en vriende ten minste een keer in twee jaar en indien moontlik, ten minste een keer per jaar, tuis te besoek. Bid dat gemeentes en ondersteuners hierdie uitgawes sal oorweeg as deel van die ondersteuning aan hulle sendelinge oorsee.

Gebedsfokus op redding: Bid vir die redding van dokters

… deur Sý wonde het daar vir ons genesing gekom (**Jes.53:5**)**.**

Daar beweeg meer mense deur hospitale en dokters se spreekkamers as deur die kerk. Ongeveer 60-80% van alle probleme waarmee mense na dokters gaan, is 'n kombinasie van geestelike en fisiese probleme (psigosomatiese siektes). Bid asseblief vir die redding van dokters, dat God hulle van hulle sonde sal verlos, dat hulle God se nuwe lewe sal beleef en dat Hy hulle fisies en geestelik sal genees. Bid dat dit hulle sal help om genesing aan ander te bring. Bid dat God hulle met Sy Gees sal vul sodat hulle met wysheid diagnoses kan maak, die regte medikasie en/of hulp aan mense kan voorskryf en dat hulle mense op Jesus as die groot Geneesheer kan wys, die Een wat hulle van hulle sonde, fisiese en psigiese probleme en gedragspatrone kan verlos. Bid dat hulle openlik hulle geloof voor die ander mediese personeel sal uitleef.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 15: Die Kanuri van Nigerië, Niger en Tsjad
Die meerderheid mense van die Kanuri woon in noordoos-Nigerië, waar hulle die oorheersende groep is. Kleiner getalle woon ook oorkant die grense in die omliggende lande van Niger, Tsjad en Kameroen. Die meeste van die Kanuri is boere. 'n Man mag soveel soos vier vrouens hê. Die egskeidingsyfer onder die Kanuri is buitengewoon hoog, agt uit tien huwelike eindig in egskeiding. Die Kanuri is sedert die elfde eeu Moslems (ongeveer 1 000 jaar).

- Bid dat God mense sal aanwakker om die Bybel in al die Kanuri-dialekte te vertaal aangesien hulle 'n Bybelvertaling in hulle inheemse dialekte benodig.
- Vra dat God meer werkers vir die oesland van die Kanuri sal roep en dat baie hulle lewens aan Jesus Christus sal oorgee. Bid dat nuwe Gelowiges die huwelik as 'n instelling van God sal koester.
- Vra dat die Here sterk gemeentes onder die Kanuri sal laat groei en toenemend die klein getal Kanuri-gelowiges sal gebruik om die evangelie aan ander te bring.

HET U GEWEET: Wat Moslems oor Jesus glo
Jesus is wonderbaarlik van God ontvang in die skoot van Maria.
Jesus is slegs 'n profeet.
Jesus was eintlik 'n goeie Moslem en het 'n vroeëre vorm van Islam verkondig.
Jesus is nie aan die kruis dood nie. Hy is reguit hemel toe.
Jesus sal weer kom, trou, kinders hê en sterf. Hy sal soos alle mense met die Laaste Oordeel geoordeel word.

Dinsdag 16 September 2008
Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat plaaslike gemeentes en ondersteuners van sendelinge in die buiteland seker sal maak dat hulle sendelinge tyd sal hê om te rus wanneer hulle tuis is sodat al hulle krag nie aan bediening tuis bestee sal word nie. Bid tot God dat Hy die harte van Gelowiges tuis sal open om hulle tegemoet te kom en te seën terwyl hulle in hulle vaderland op besoek is.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 16: Islam in Soedan
Die Massaliete is 'n groep van sowat 400 000 mense in Soedan (die meeste in Darfoer) en in die Ooste van Tsjad. Hulle is een van die etniese groepe wat by die Darfoer-krisis betrokke is. Die meeste het na vlugtelingkampe gevlug. Hierdie moeilike omstandighede het veroorsaak dat baie mense in Darfoer hulle eie geloof bevraagteken het en selfs opgehou het om te bid. Christelike evangelisasie word nie toegelaat nie, hoewel geestelike aanmoediging en getuienis gewoonlik welkom is.

- Bid asseblief vir 'n einde aan die oorlog in Darfoer en dat beide die leiers en hulle volgelinge sal ophou veg.
- Bid dat God die harte van die getraumatiseerde Massaliete sal oopmaak om Sy Woord te ontvang en genees te word.
- Bid dat 'n sterk kerk vanuit die Massaliete sal verrys.

Woensdag 17 September 2008
Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat God mentors en ondersteuners vir sendelinge oorsee na vore sal laat kom om hulle geestelik, emosioneel en ook strategies te bedien. Dat sendelinge onwankelbaar sal staan in hulle roeping en hulle verhouding met die Here Jesus en dat die Heilige Gees kragtig in hulle lewens sal werk.

Ekonomiese fokus: SA se produktiwiteit daal
Statistiek van *Productivity South Africa* en die *World Competitiveness Yearbook (WCY)* toon dat Suid-Afrika die grootste verlies aan kundige persone ter wêreld het, die grootste tekort aan kundigheid het en dat produktiwiteit gedaal het na die 50ste plek van die 38ste plek verlede jaar uit 'n totaal van 55 lande wat nagevors is. (Webruimte: http://transcrips.businessday.co.za/cgi-bin/transcripts/t-showtranscript.pl?1208214054). So baie positiewe dinge het die afgelope maande in ons land gebeur - mans het begin om hulle posisie as manne van God in te neem. Roep God aan

om dié wat weg is terug te roep om deel te word van dit wat Hy besig is om in Suid-Afrika te doen. Bid dat die gety in ons ekonomie sal draai t.o.v. die produksie van voedsel en goedere. Bid God se seën af oor die land en sy mense.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 17: Die Mazandarani-Moslems van Iran
Ongeveer 3 tot 4,5 miljoen mense van Iran praat Mazandarani. Hulle woon hoofsaaklik in die Mazandarani-provinsie en naburige provinsies wat aan die Kaspiese See grens, in die noorde van Iran. Hierdie mense is byna 100% Shi'a Moslem en Islam is ongeveer al 1 300 jaar in hierdie provinsie teenwoordig. In Iran is dit 'n oortreding om van Islam na 'n ander geloof oor te gaan, 'n oortreding wat met die dood strafbaar is. Daar is 'n klein getal selkerke en klein getalle Gelowiges wat oor die gebied versprei is.

- Bid dat die Mazandarani ontvanklike harte vir die evangelie sal hê en dat nuwe Gelowiges in geloof sal groei en aktief en doeltreffend teenoor ander sal getuig.
- Bid vir die guns van God op die gebruik van oudio-materiaal, die radio en ook satelliet-uitsendings om die evangelie te verkondig. Bid vir die Mazandarani Bybelvertalers en hulle werk, sodat hierdie taak spoedig voltooi sal word.

Donderdag 18 September 2008
Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat God aan sendelinge groot guns sal verleen wanneer hulle bid oor situasies in die lande waar hulle werk, deur veral met tekens en wonders te antwoord. (**Hand.14:3**).

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 18: Moslems in Aleppo, Sirië
Die tweede grootste stad in Sirië, Aleppo (wat melk beteken), is saam met die hoofstad Damaskus een van die oudste pal bewoonde stede in die wêreld. Met bevolkings van ongeveer 4 miljoen en 6 miljoen onderskeidelik, huisves hierdie twee stede ongeveer die helfte van die land se bevolking. Die mense van Aleppo is hoofsaaklik Sunni Moslem en is bekend daarvoor dat hulle konserwatief en vroom is. Baie is tevrede en selfvoldaan met hulle geloof, dog sommige soek ernstig na God. Jong en opgevoede Moslems begin ontevrede raak met Islam, maar word getrek deur materialisme, sekularisme en selfs ateïsme as die enigste alternatiewe wat hulle ken. Baie min Moslems in die stad het al ooit 'n duidelike verkondiging van die evangelie gehoor.

- Bid vir standvastigheid en vrede tussen die konserwatiewe en die meer liberale Moslems.
- Bid dat Moslems wat ontevrede is met Islam, na Christus getrek sal word en dat hele gesinne na Christus sal kom.
- Bid vir die verskillende Siriese Gelowiges, vir liefde, eenheid en 'n passie om hulle geloof in Jesus aan ander te verduidelik.

Vrydag 19 September 2008
Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat sendelinge in die buiteland 'n innige verhouding met die Here Jesus, die liefde van die Vader en die alomteenwoordige Heilige Gees sal beleef. Vra dat hulle God se stem sal hoor en begrip en insig sal hê in die uitleef van hulle bediening.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 19: Die Minangkabau van Indonesië
Die Minangkabau is ongeveer 8 659 000 en is die vierde grootste etniese groep in Indonesië. Hulle oefen 'n beduidende invloed in die land uit. Hoewel baie Moslems blootstelling aan die evangelie gehad het, is hulle te bang om te reageer. Miljoene ander Minangkabau het nog nooit die geleentheid gehad om van Jesus te leer nie.

- Bid dat die Heilige Gees die harte van die Minangkabau sal oopmaak vir die waarheid dat slegs Jesus redding kan bring en dat Hy hulle van 'n lewe van vrees kan bevry.
- Bid dat die Minangkabau moeg sal word vir hulle omstandighede en na Jesus sal begin roep om hulp en genesing.
- Bid dat hele gesinne van die Minangkabau hulle vertroue in Jesus sal begin stel.

HET U GEWEET: In baie lande is gewilde "Volks"-Islamitiese praktyke dikwels selfs belangriker as ortodokse Islam in die daaglikse lewe van miljoene Moslems. Ortodokse Islam het gewoonlik nie 'n ware verwagting dat Allah werklik in moeilike omstandighede sal ingryp nie. Hy is basies vir hulle ontoeganklik. Daarom soek baie mense heilige Moslemmans op vir hulp. In sommige lande word die grafte van verskeie heilige Moslemmans as plekke van seën beskou waar mense ook hulp kan vra. Verskillende dinge, insluitend gelukbringers en die "Hand van Fatima", word dikwels teen die "Bose Oog" en bose geeste gebruik.

Saterdag 20 September 2008

Leraars neem hulle verantwoordelikheid op

Loof die Here vir die *POPnet Clinic and Consultation,* gehou 12-15 Augustus in Pretoria. *POPnet* (*Pastoring of Pastors Network*) het 'n praktiese opleidingskliniek en beplanningskonsultasie oor mentorskap vir pastorale en denominasionele leiers gehou. Dank die Here vir elke leraar en geestelike leier wat gekom het. Bid asseblief dat deelnemers die volgende stap sal neem om portuur- herderlike verhoudings tot stand te bring en dat hulle ook sal begin met pastorale sorg vir leraars in hulle gemeentes en denominasies. (TOPIC SA, Posbus 13092, Norkem Park, 1631. Tel.: 011 972 6919. Webruimte: http://www.topicsa.net of e-pos: topic@topicsa.net).

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September –30 September 2008**

Dag 20: Moslems van Murshidabad, Bengale-volkegroep

Hierdie streek is bekend vir sy talryke probleme, insluitend gevalle van mensehandel, kinderarbeid, uiterste armoede en plaaslike politieke sluipmoorde. Daar is ongeveer ses miljoen mense in die Murshidabad-distrik met byna 90% van hierdie mense wat in plattelandse dorpies woon. Terwyl die meerderheid van die bevolking van Wes-Bengale Hindoes is, is 64% in Murshidabad Moslems (3,8 miljoen mense).

- Bid dat God Homself aan die jong en ou Bengaalse Moslems in Murshidabad sal openbaar (**Hand.2:16-21**).
- Bid dat gelowiges met 'n Moslemagtergrond geroep, toegerus en gemotiveer sal word om getuies te wees van die evangelie en dit sal verkondig (**Matt.28:20**).
- Bid tot God om baie meer werkers na Murshidabad te roep om 24-7 gebedshuise te begin en tot Hom te roep vir die redding van hierdie mense.

Sondag 21 September 2008

Memoriseer

Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur Sy Gees wat in julle woon (**Rom.8:11**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling en verspreiding

Scripture Gift Mission (SGM International), deesdae bekend as *Lifewords,* is 'n Christelike liefdadigheidsorganisasie wat gratis Bybelhulpmiddels vervaardig vir mense oral oor die wêreld. Hulle werk in vennootskap met Christene en Christelike agentskappe wat hierdie boekies en pamflette individueel uitdeel. *SGM* het 22 miljoen stukke lektuur uitgedeel aan mense in 190 lande in 450 tale deur 35 sentrums wêreldwyd. Dank die Here daarvoor en vir ander soortgelyke bedienings wat Christelike lektuur versprei. Bid asseblief dat hierdie materiaal doeltreffend gebruik sal word en nie verkwis of vernietig sal word nie.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**

Dag 21: VSA: Moslems en moskees in Dearborn, Michigan

Baie jare gelede is Moslemimmigrante na die Verenigde State getrek deur die betreklik hoog besoldigde werksgeleenthede wat met die motorbedryf in die gebied geassosieer is. Dearborn (hoofkwartier van Ford) in Michigan het nou die grootste enkele konsentrasie van Arabiese Moslems in Noord-Amerika geword. *The Islamic Centre of America* in Dearborn, 'n Shi'a moskee wat dikwels deur meesal Libanese Moslems besoek word, is die grootste moskee in die Verenigde State. Dearborn is een van die min plekke in die Verenigde State waar 'n mens werklik die Moslem-oproep tot gebed in die openbaar oor 'n luidspreker hoor. Pogings om Christus na hierdie Moslems te bring blyk baie moeiliker te wees as op ander plekke.

- Bid dat die Moslems in Dearborn ontvanklik sal word vir die evangelieboodskap wat hulle hoor (**Hand.28:26-28**).
- Vra dat Christene huise vir gebed in hierdie gebied sal begin en bid ernstig vir deurbrake onder die Moslems.

HET U GEWEET: Wat Moslems glo: Moslems glo dikwels dat die Bybel verander en verdraai is. Hulle ontken sy gesag, want hulle beskou dit nie as outentiek nie. Moslems glo ook die Heilige Drie-eenheid behels 'n geloof in drie gode. Baie Moslems glo dat die Christelike Drie-eenheid opgemaak is deur die Vader, Maria (die maagd) en die Seun (Jesus). Hulle glo dit is godslasterlik om te verklaar dat Jesus goddelik is en Hom die titel "Seun van God" te gee. Baie glo dit beteken dat God 'n seksuele verhouding met Maria gehad het en dat 'n seun fisies deur die eenwording gebore is. (Hierdie gedagte is ook vir Christene onaanvaarbaar).

Maandag 22 September 2008

Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat God vir sendelinge onderskeidingsvermoë in moeilike omstandighede sal gee, veral met die veiligheidspolisie in hierdie lande. Dat hulle optrede nie agterdog sal wek by diegene wat hulle leed wil aandoen nie. Bid veral dat agterdog sal vervaag en die polisie sal ophou om Gelowiges te agtervolg en dop te hou sodat hulle vreesloos met hulle werk kan voortgaan.

Gebedsfokus op redding: Eienaars van bordele, winkels vir volwassenes, gesellinklubs, nagklubs ens.

Wees heilig, want Ek is heilig (**1 Pet.1:16**). Wanneer ons vir hierdie mense bid, is dit belangrik om te onthou dat God hulle ook geskape het, dat Hy hulle liefhet en Jesus ook vir hulle aan die kruis gesterf het. Vra dat God liefde in jou hart sal gee wanneer jy bid en onthou om vir hulle dieselfde genade toe te bid as wat jy van God ontvang het en waaruit jy elke dag leef. Bid vir die redding van hierdie mense, sodat die vernietigende gevolge van hulle bedrywighede kan ophou, eerstens in hulle eie lewens. Vra vir die Here om hulle te herstel, ook hulle huwelike en gesinne en dat hulle vreugde en bevryding in Christus sal vind. Vra dat hulle redding die vernietigende gevolge van hulle bedrywighede sal uitwis, sal lei tot die redding van ander en hulle hoop sal gee. Bid dat die redding van hierdie mense sal lei tot die herstel van heilige en rein lewens sodat die houvas van onsedelikheid en verdorwenheid verbreek kan word.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**

Dag 22: Moslems van Nagpur, Indië

Nagpur (dit beteken "Stad van Slange") het 'n bevolking van meer as drie miljoen mense en is geografies in die middel van Indië geleë. Die meerderheid van die bevolking is Hindoes. Daar is 'n Moslemminderheid van ongeveer 7,1% (215 000). Die regerende politieke party het 'n duidelike agenda om Indië 'n Hindoe-nasie te hou. Daar is, sover bekend, geen Gelowiges wat gereeld en op 'n georganiseerde wyse met die evangelie na die Moslems in die stad uitreik nie.

- Bid vir plaaslike Gelowiges om hulle rol op te neem om al die nasies, stamme en tale te seën (**Gen.22:18** en **Gal.3:16,29**).
- Bid vir die doeltreffende verspreiding van die Bybel in nuwe vertalings.
- Bid vir die plaaslike Gelowiges wat waarlik vervolging in die gesig staar as gevolg van die vooroordele en misverstande.
- Bid vir bestaande Gelowiges om gereeld bymekaar te kom om vir deurbrake vir die evangelie in Nagpur te bid.

HET U GEWEET: Moslems glo nie dat dit moontlik is om God te ken soos in **Johannes 17:3** beskryf is nie. (Hulle glo net dat hulle van Hom kan weet). Klein getalle Moslems bekend as Sufis glo in 'n mistieke eenwording met God. Hierdie groep word dikwels deur baie Moslems as ketters beskou.

Dinsdag 23 September 2008

Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat God sendelinge sal aanspoor om meer tyd in gebed deur te bring vir deurbrake in hulle werk. Vra dat sendelinge sal verstaan dat dit deel is van die ware 'werk' wat hulle elke dag doen en bid dat God vir hulle deurbrake sal gee wat hulle sal aanmoedig om voort te gaan.

***Ramadaan* gebedsfokus*:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 23: Harde werklikheid vir Moslems in Somalië
Somalië (geskatte bevolking 9 119 000) het vir langer as 20 jaar onder 'n komplekse burgeroorlog gely. Oor die afgelope dekade het meer as 'n halfmiljoen mense (meesal mans) voor die oorlog gevlug. Sodoende is gesinstrukture vernietig en baie gesinne vaderloos gelaat. Die meerderheid Somaliese mans is aan khat verslaaf (blare waaraan hulle kou), wat 'n geweldige invloed op die lewe in die Somaliese gemeenskap het. Hulle spandeer die meeste van hulle geld aan khat en hulle gesinne ly honger.

- Bid dat Somaliërs Jesus Christus en die liefde van hulle Hemelse Vader sal leer ken.
- Bid vir die bevryding vir mans wat aan khat verslaaf is en ook dat hulle die sosiale druk sal teëstaan wat mans aanmoedig om dit te kou.
- *Die Somaliese Bybel* is in 1977 gepubliseer. Die verspreiding daarvan is slegs moontlik in vlugtelingkampe en onder Somaliërs buite Somalië. Bid vir die wye verspreiding van die Skrif en veral vir 'n Bybelvertaling vir die Maay Somaliërs, wie se taal ietwat anders is.

Woensdag 24 September 2008
Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat God sendelinge sal oproep om na geslote lande te gaan met 'n spesifieke roeping om 24-7 gebedshuise te plant en vir deurbrake te bid in gebiede wat werklik moeilik is om te bereik, beide fisies en geestelik. Vra dat meer werkers by hulle sal aansluit sodra deurbrake begin plaasvind.

Media fokus: *HEARTLINES* uitsendings
Die uitsendings begin 24 September. *HEARTLINES* moedig alle kerke aan om hulle tot hierdie 30 dae veldtog van praktiese Christenskap te verbind. Bid dat God die kerk sal aanvuur om leiding te neem in die uitlewing van koninkrykswaardes wat in dade sal oorgaan. Vra dat die dade blywend sal wees, gebou op die een ware fondament – Jesus Christus. *Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik* (**Matt.5:16**). (*HEARTLINES*. Kontak 0861-HEARTLINES. Tel. 011 484 5254, faks: 011 643 6253. Sel: 082 325 8361. Webruimte: http://www.heartlines.org.za of e-pos: pray@heartlines.org.za).

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 24: Die Hindko-sprekendes: Een taal, baie stamme
Bykans vyf miljoen mense in die noorde van Pakistan is Hindko-sprekend. Die Hindko bestaan uit verskeie etniese groepe, meesal Pathans en Moguls en is meer 'n taalgroep as 'n mensegroep. Net ongeveer 25% Hindko kan lees. Slegs 'n handvol Hindko-sprekendes is volgelinge van Jesus. Die verwoestende aardbewing van Oktober 2003 het sterftes in byna elke Hindko-sprekende gesin veroorsaak. Belangstelling om die Nuwe Testament te lees bly hoog, maar die Woord van God is nog nie in gedrukte vorm in Hindko beskikbaar nie. Die meeste het nog nooit die geleentheid gehad om die evangelie te hoor nie.

- Bid dat Hindko-Gelowiges hulle vrees vir vervolging sal oorkom.
- Bid dat God Homself op verskeie maniere sal openbaar, byvoorbeeld deur drome en visioene onder Hindko-sprekendes.
- Bid dat Hindko-sprekendes toegang tot God se Woord in hulle eie taal sal hê deur middel van skrif, klankopnames, die radio en die Internet.

Donderdag 25 September 2008
Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat God aan sendelinge die guns sal verleen om hulle visums en werkpermitte te hernu, veral in geslote lande waar Christene vervolg word. Bid vir guns vir hulle in elke ambassade, by elke amptenaar van elke land en dat hulle nie aan omkopery en manipulasie onderwerp sal word nie.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 25: Moslem Rangi-mense van Tanzanië
Daar is 'n geskatte 350 000 Rangi-mense wat in Tanzanië woon. Slegs die Rangi in die Haubi-vallei het Islam verwerp. 'n Bybelvertalingprojek in die Rangi-taal het in 1996 begin en die vertaling vorder goed. Werk om arm gesinne te help word ook gedoen. In September 2006 het 'n aantal plaaslike Gelowiges 'n nuwe skool geopen.

- Bid vir eenheid onder die Christene (**Joh.17:20-26**). Moslems wys dikwels daarop dat die Gelowiges verdeeld is.
- Bid vir moed, guns en wysheid vir die Rangi-Christene wanneer hulle die Messias aan hulle Moslembure verkondig.
- Bid dat die Bybelvertalingprojek voltooi sal word en dat hulle Jesus deur Gelowiges se getuienis in die nuwe skool sal leer ken.

Vrydag 26 September 2008
Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat sendelinge beskerm sal wees teen fisiese leed wat ekstremiste van ander gelowe hulle wil aandoen. Bid in besonder vir veiligheid in verband met hulle motors, huise, voedsel ensovoorts. Bid dat hulle al hierdie beproewings mag oorkom en 'n getuienis sal word vir diegene wat hulle leed wil aandoen (**Hand.28**).

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**
Dag 26: Die Nag van krag / Night of power (**Al-Qadr**)
Dit is vannag die Moslems se *Night of Power,* wat 'n baie belangrike deel van hulle vastyd uitmaak. Die *Night of Power,* of "Laylat ul-Qadr" in Arabies, is een van die belangrikste tye van die Islamitiese jaar. Moslems glo dat groepe engele in hierdie nag uitgestuur word om spesiale take uit te voer. Moslems word dikwels aangemoedig om die hele nag wakker te bly en vir seën en vergifnis te bid. Hierdie is die een tyd van die jaar dat Moslems 'n bietjie meer vertroue het dat God hulle sal hoor en om hulle ontwil sal optree. Groot getalle bid in desperaatheid en soek waarlik hulp by God.

- Bid dat God miljoene Christene sal opwek om te bid dat Moslems deur visioene en drome persoonlike ontmoetings met die Here Jesus sal hê.
- Vra dat hele gesinne en gemeenskappe sal getuig dat Jesus hulle besoek het en hulle roep om Hom te volg.
- Dank God dat Hy verlossing bring aan diegene wat in duisternis verkeer.

Saterdag 27 September 2008
Gebedsfokus op geregtigheid: Suid-Afrika is 'n toevlug vir smokkelaars
Suid-Afrika en Afrika staar 'n potensieel dodelike krisis in die gesig aangesien tientalle van die wêreld se dwelmkartelle die kontinent teiken as 'n smokkelroete vir biljoene dollars se waarde aan heroïen en kokaïen. Dit is deur die *International Narcotics Control Board (INCB*) bekend gemaak. Interpol beraam dat tussen 200 en 300 ton kokaïen elke jaar deur Afrika gesmokkel word.
(Webruimte:
http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn20080307061155683C151957&newslett=1&em=177813a6a20080307ah). God het alreeds soveel gebede verhoor i.v.m. dwelms waarop beslag gelê is. Laat ons volhard met gebed dat daar selfs meer dwelmvondste by elke lughawe, hawe en ingang na die land en kontinent gemaak sal word. Bid dat dwelmnetwerke regoor die wêreld ontdek en heeltemal gesluit sal word as gevolg van ontdekkings wat in Suid-Afrika gemaak is.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September- 30 September 2008**
Dag 27: Nuwe TV-kanaal vir die kinders van die Arabiese wêreld
Eenhonderd miljoen kinders onder die ouderdom van 15 woon in die Arabiese wêreld en ten minste die helfte van hulle het toegang tot satelliettelevisie. Kinders wend hulle dikwels tot TV as 'n veilige plek waarheen hulle kan ontsnap. Nou het hulle die geleentheid om heeldag na Christelike programme te kyk. In Desember 2007 het die *SAT-7* netwerk *SAT-7 KIDS*, 'n 24 uur- Arabiese satelliettelevisiekanaal vir kinders van stapel laat loop. Van die begin af was kinderprogramme onder die gewildstes van die wye verskeidenheid programme wat op *SAT-7* beskikbaar is.

- Bid vir die kinders van die Arabiese wêreld, dat hulle geraak en verander mag word deur na *SAT-7 KIDS* te kyk.
- Bid vir bykomende fondse vir *SAT-7* en dat hulle werk sal aanhou groei.
- Bid dat ouers ook geraak en verander sal word en dat hulle vrae deur kinderprogramme beantwoord sal word.

HET U GEWEET: Wat Moslems van Christene dink: Ongelukkig verbind Moslems baie dikwels die Christelike geloof uitsluitlik met die Westerse kultuur. Moslems glo dikwels dat Christene mislei is en dat hulle 'n verpligting het om hulle tot die waarheid van Islam te lei. Vir baie Moslems beteken die woord "Christen" materialisme, 'n gebrek aan spiritualiteit en morele verval. As gevolg hiervan verwerp hulle baie dinge wat uit die Westerse samelewing kom en wat hulle as verderflik beskou. Vir Moslems is alkoholmisbruik, pornografie, 'n liberale leefwyse en 'n gebrek aan geloofsbeoefening duidelike tekens van die verval van Westerse lande. (Hulle sien en hoor dikwels hierdie dinge op Westerse televisie en rolprente en in boeke en musiek).

Sondag 28 September 2008

Memoriseer

Maar nou—julle is vrygemaak van die sonde en in diens van God gestel en die vrug daarvan is dat julle geheilig word en die uiteinde is die ewige lewe (**Rom.6:22**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Invoer en verspreiding

Baie moeite word gedoen met die invoer van papier, masjiene en voltooide Bybels. Oorlog, politieke krisisse en onsimpatieke of vyandige regerings veroorsaak lang en moeilike onderhandelings. Bid vir diegene wat daarby betrokke is. Soms is die *United Bible Society (UBS)* se depot of boekwinkel die enigste bron van Christelike lektuur en Bybels in 'n land. In ander is daar 'n uitgebreide netwerk van kerke, winkels en plaaslike verspreiders wat miljoene gedeeltes van die Skrif uitstuur. In 1999 is daar wêreldwyd 24 miljoen Bybels versprei, 26 miljoen Nuwe Testamente en 577 miljoen gedeeltes van die Skrif. Watter geestelike impak kan dit nie hê nie! Bid asseblief dat hierdie situasie sal groei ten spyte van ekonomiese veranderings, sodat elke persoon die voorreg kan hê om sy of haar eie eksemplaar van 'n Bybel in hulle eie taal te kan hê.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 Septeber – 30 September 2008.**

Dag 28: Om Christus te verkondig is verbode in die Comore-eilande

Die Comore-eilandketting bestaan uit drie vulkaniese eilande aan van die kus van Afrika, 300 kilometer (200 myl) oos van Mosambiek met 'n geskatte bevolking van 711 417. Daar is ongeveer 1 400 moskees regdeur die eilande versprei. Teistering en maatskaplike diskriminasie teenoor Christene kom wydverspreid voor en evangelisasie is onwettig. Die Bybel is beskikbaar in Frans en Arabies en gedeeltes van die Skrif in die taal van die Comore. As gevolg van die lae vlak van geletterdheid (byna 60% is ongeletterd), is klankopnames van die evangeliese boodskap nuttiger.

- Bid dat die evangelie beskikbaar sal word vir al die gesinne van die Comore-eilande (**Gen.12:1-3**).
- Bid dat Christelike musiek, Bybelverhale en ander radio-uitsendings 'n gehoor sal trek en baie lewens vir Jesus sal aanraak.
- Vra die Here om baie Christene te inspireer om aktief te begin bid vir beduidende deurbrake vir die evangelie in hierdie eilande.

Wêreld kos- en waterkrisis in fokus

Wie vir 'n arm mens iets oor het, sal self niks kortkom nie, maar wie anderpad kyk, sal baie verwensings hoor **(Spr. 28:27**).

Al is daar lande wat met hongersnood worstel, is die wêreldprobleem nie 'n voedselkrisis nie, maar 'n prys krisis omdat ander mededingers, soos bv. etanol vervaardigers, hoër pryse aanbied om die boere se graanoeste in die hande te kry. Ten tye van publisering het ten minste 33 lande gevaar geloop vir sosiale oproer as gevolg van stygende voedselpryse. Daar is ook wêreldwyd 'n toenemende tekort aan beskikbare vars water. Een onderliggende faktor vir die water-, voedsel- en oliekrisis is die aardbol se groeiende energie nood. As kinders van God word ons opgeroep om ons verantwoordelikheid van gebed op te neem, berou te hê oor die boosheid van die mense van ons tyd en God te vertrou om nie net die vloedgolf van die vernietiging van die aarde se bronne wat op ons afgerol kom, te keer nie, maar meer as enigiets anders die vlaag van mense te keer wat op pad is na ewige dood sonder Jesus Christus. As mense na God terugdraai, sal God die gety verander (**2 Kron. 7:14**). Laat ons nooit vergeet dat ons God lewe wil gee en NOOIT wil hê dat mense die dood kies nie! (**Deut 30:14-20**).

1. Bid vir die 22 lande van Afrika wat in gevaar is as gevolg van huidige voeseltekorte. Vra vir God se wysheid en openbaring vir elke regering om vinnig en effektief te reageer om in hulle mense se behoeftes te voorsien.
2. Bid vir die wêreld se gesondheidstoestande en vir die oorlewing van letterlik miljoene wat as gevolg van die stygende voedselpryse nie kan bekostig om kos te koop nie. Vra vir die Here om hulle wat in gevaar is sterk en gesond te hou ten spyte van hulle omstandighede en dat God in Sy genade vir hulle geld sal voorsien sodat hulle kos kan koop. Bid dat baie sal ondervind en sien dat die Here goed is en hulle lewens aan Hom sal gee.
3. Vra vir die effektiewe verspreiding van die beskikbare bronne van stapelvoedsel, soos bv. rys, koring en mielies. Vra vir guns vir Christen hulporganisasies om toegang te verkry veral tot gebiede wat geslote is vir die evangelie om sodoende die geleentheid te hê om God se liefde op praktiese wyse uit te dra.
4. Bid vir hulp groepe wat reeds agter geraak het in hulle pogings om voedsel aan die Afrika-kontinent te voorsien. Vra dat die kerk in Afrika sal opstaan en die geleentheid sal aangryp om kos te verskaf aan hulle wat in fisieke nood is en nie die geleentheid sal verontagsaam om die Brood van Lewe te deel en Lewende Water uit hulle harte te laat vloei nie (**Joh. 7:38**).
5. Bid teen wanvoeding wat reeds verantwoordelik is vir die dood van bykans 3,7 miljoen kinders elke jaar. Bid dat elke kind geleenthede sal hê om van Jesus te hoor, dat daar voorsiening vir hulle basiese behoeftes sal wees en dat baie wonderbaarlik van wanvoeding sal herstel. Vra dat baie lewens gered sal word.
6. Vra dat ryk lande gewillig sal wees om goedkeuring vir noodvoedsel-leniging/hulp te gee.
7. Bid dat oeste wat vir bio-brandstof gebruik gaan word, nie sal lei tot hoër voedselpryse en 'n tekort aan voedsel op die lang duur nie. Bid dat landbou-, regerings- en wêreldleiers wyse besluite hieroor sal neem.
8. Hierdie jaar gaan omtrent 'n kwart van die VSA se mielievoorraad na etanol vervaardigers en kan minder pluimvee of lewende hawe dus gevoer word. Bid asseblief oor die impak wat dit het op die beskikbaarheid van pluimvee en vee. In Suid-Afrika maak sommige boere hulle voerkrale toe of is verplig om radikaal af te skaal as gevolg van die stygende koste van veevoer. Vra die Here om in die harte van boere te werk en vir hulle maniere te wys waarop hulle hierdie probleme kan oorkom. Vra dat die Here die boere sal seën wat wel voortgaan om voedsel te produseer, hetsy graan, pluimvee of vee. Bid vir so 'n kragtige getuienis dat hulle en ander boere, hulleself, sowel as hulle plase, in die Here se hande sal oorgee. Bid dat hulle nie in die strik van vinnige rykdom sal trap nie, maar hulle harte sal rig op God se plan vir hierdie laaste dae.
9. Minder as 2% van die water op die aarde is vars water. Baie waterbronne is diep onder die aarde versteek. Bid dat die Here wetenskaplikes wêreldwyd sal wys hoe om varswater bronne op 'n koste effektiewe manier uit moeilik bereikbare dieptes te herwin.
10. Die *per capita* toeganklikheid tot skoon water in alle ontwikkelde en ontwikkelende lande is besig om te krimp omdat die aantal mense en hulle water aanvraag vergroot. Bid dat regerings wêreldwyd dringend aandag sal gee aan die opgradering en vervanging van ou opgaartenks, verouderde waterpype, druppende krane en ander defektiewe infrastrukture in al hulle dorpe en stede sodat water meer effektief bespaar kan word. Ongeveer 20% van alle beskikbare vars water gaan op hierdie manier verlore.
11. Die styging in die aarde se temperatuur het 'n invloed op die verdamping van water. Vra dat die Here miljoene Gelowiges oor die wêreld sal opwek om Hom oor hierdie probleem aan te roep. Bid dat dag en nag gebedswake oral sal ontstaan, dat mense berou sal hê oor hulle sonde en Hom sal aanroep vir die terugdraai van hulle volk se harte na God (**Ps.2:10-12**).
12. Bid vir alternatiewe laekoste oplossings vir die beperkte olie- en steenkoolbronne. Vra dat God vir mense in ons land kreatiewe idees sal gee oor hoe om hierdie toestande die hoof te bied, veral oor die opwekking van energie. Die *Durbanse Universiteit van Tegnologie* het begin om 'n unieke projek te loods wat daarop gemik is om brandstof uit riool te produseer. Bid dat hierdie en ander projekte soos dié regverdig en suksesvol bedryf sal word en dat die mense van Suid-Afrika werklik sal baat by die produksie van hierdie newe-produkte. Dank God dat Hy al reeds besig is om gebede te verhoor. Vra dat wetenskaplikes wêreldwyd aan die Here die eer sal gee vir dit wat Hý besig is om te doen.
13. 'n Belegging van meer as $1 triljoen sal oor die volgende 20 jaar gevind moet word om genoegsame watervoorsiening vir die wêreld se groeiende bevolking te verseker. Vra dat hierdie aangeleentheid onmiddellik deur alle regerings aangespreek sal word. Bid vir die nodige kundiges om te fokus op ontsouting, suiwering,

pype, pompe en enigiets anders wat sal help om die geredelik toeganklike waterbronne te vergroot. Bid dat duisende Christene aktief by hierdie prosesse betrokke sal raak om God se wysheid en hoop na 'n sterwende wêreld te bring.

14. Vir Suid-Afrika: Bid vir 'n groter vermoë om bestaande waterbronne te suiwer, omdat riool 'n al groterwordende uitdaging vir ons beskikbare waterbronne bied.
15. Oorweeg dit om ander mense te nooi om positief te bid vir die uitdagings waarvoor ons wêreldwyd te staan gekom het.
16. *En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom* (**Kol.3:17**). *Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.* (**Ef.3:20-21**). (Gebede is voorgestel deur die skrywer van hierdie artikel.

Feite geneem vanaf: http://www.greenchipstocks.com/aqx_p/2952?gclid=CNaF4d3W5pECFRciFQodmQ7CEw. International Medical Corps: development@imcworld-wide.org).

Maandag 29 September 2008

Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat sendelinge spoedig die voorreg sal hê om eiendom te bekom of te koop in geslote lande waar vreemdelinge verbied word om dit te doen. Vra dat hulle op hierdie wyse in staat sal wees om hulle werk oor die lang termyn te vestig en dat hulle ook vriende sal maak met plaaslike mense en dat hulle sodoende by bedienings soos weeshuise, skuilings, kindersorg, skole ensovoorts betrokke raak.

Gebedsfokus op redding: Bid vir die redakteurs, subredakteurs en joernaliste van koerante en tydskrifte

Julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vrymaak (**Joh. 8:32**).

Hierdie persone oefen 'n geweldige invloed op mense uit, want hulle het beheer oor wat in koerante en tydskrifte gepubliseer word. Dit is meesal hulle eie sienings en voorkeure wat gepubliseer word. Bid vir hulle redding sodat God deur die Heilige Gees hulle denke sal vernuwe en hulle sal verstaan wat reg en verkeerd is vanuit God se oogpunt. Bid dat hulle goeie oordeel sal hê en die waarheid sal praat sodat mense die ware storie kan hoor en dat alles wat onrein, vuil en onheilig is uit artikels en rubrieke verwyder kan word. Bid dat hierdie mense, wat dikwels onder druk van hulle werksomgewing is om op 'n bepaalde manier te dink en sekere artikels te plaas, vry sal kom.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 Septembber – 30 September 200**

Dag 29: Moslems in Suriname

Suriname is aan die noordooskus van Suid-Amerika geleë. Geloofsgroepe in Suriname is soos volg: Hindoes 27,4%, Christene 48%, Moslems 19,6% (88 000), inheemse gelowe 5%. In ander lande word Moslems van die minaret (toring) van die moskee af opgeroep om te bid. In Suriname, daarenteen, volg Moslems van Javaanse herkoms die gebruike van hulle voorouers en reageer op die geluid van 'n trom. Etlike Christelike denominasies is aktief in die land, maar die evangelie het lank geneem om wortel te skiet onder beide die Javaanse en Hindustani Moslems.

- Bid dat God meer mense sal oprig om voorbidding vir deurbrake onder die Moslems in Suriname te doen.
- Bid dat die *JESUS Film* en ander mediapogings die Moslembevolking sal bereik. (Die *JESUS Film* is uitgebreid in filmvertonings en op televisie gebruik).
- Na onafhanklikheid het ongeveer 'n derde van die bevolking die land verlaat vir Nederland. Een van die eerste moskees in Nederland is in 1981 deur Moslemimmigrante van Suriname gebou. Bid dat die Surinamese Moslems in Holland deur die evangelie bereik sal word.

HET U GEWEET: Omtrent moskees: 'n Moskee is 'n plek van aanbidding vir volgelinge van Islam. Die Arabiese woord vir moskee is "masjid". Die primêre doel van die moskee is om te dien as 'n plek waar Moslems kan saamkom vir gebed. Moskees speel soms 'n belangrike rol as gemeenskapsentrums waar mense feesvierings hou, meer omtrent Islam kan leer en ander Moslems kan ontmoet. Alle moskees het gebedskamers en sommige het koepels en minarette. Moskees het 'n element wat "mihrab" genoem word, wat dikwels 'n nis is wat in die rigting van Mekka wys.

Dinsdag 30 September 2008

Gebedsfokus op sendelinge: Bid dat God vir sendelinge guns onder die plaaslike Gelowiges sal gee, dat hulle by hulle sal aansluit vir tye van gebed en bediening. Bid vir die veiligheid van plaaslike Gelowiges in geslote lande, dat hulle nie in gevaar sal verkeer of vervolg sal word vanweë hulle omgaan met buitelanders nie.

Bid vir die Joodse volk

Vandag begin die *Feast of Trumpets (Fees van die Trompette)* (**Lev.23:23-25**), wat vir 2 dae gevier word. Vir die kerk vandag simboliseer dit dat Jesus Christus aan die einde van die tyd sigbaar na die aarde sal terugkeer. Dan sal Hy die Gelowiges wat nie meer leef nie, opwek en die Gelowiges wat nog leef, oombliklik in onsterflike geestelike wesens verander (**Matt.24:31, 1 Kor.15:52-53, 1 Tess.4:13-17**). Hierdie feesdag gedenk die blaas van die trompette wat Sy terugkeer sal voorafgaan (**Op.8-10**). (Webruimte: http://www.ucg.org/litlibrary/holydays.htm). Bid asseblief dat die Joodse mense in hierdie tyd oop en ontvanklik sal wees vir die boodskap van Jesus Christus en die profesieë van die Skrif duidelik sal verstaan.

***Ramadaan gebedsfokus:* 1 September – 30 September 2008**

Dag 30: Moslems in Ahmedabad in die Gurajat-staat van Indië

Indië se sewende grootste stad, Ahmedabad, het 'n bevolking van oor die vyf miljoen. Gujarat het nou ontwikkel in 'n enorme sentrum vir geesdriftige Hindoe-gelowiges bekend as Hindutva, wat daarna streef om die Hindoe-invloed te behou en oor die hele Indië uit te brei en om Islam en die Christendom uit te sluit. Meer as een miljoen ekonomies gemarginaliseerde Moslems woon in hierdie stad. Evangeliese werk in Gurajat is min. Plaaslike Christene is bang om na die Moslemgemeenskap uit te reik.

- Bid dat meer Gelowiges sal uitreik na die byna een miljoen Moslems in Ahmedabad, onder wie daar prakties geen evangelieverkondiging of -getuienis is nie.
- Vra God om meer langtermyn werkers na Ahmedabad en omliggende gebiede te stuur.
- Bid dat die bestaande werkers vir verlengde gebedstye sal begin bymekaarkom om God se aangesig te soek vir deurbrake vir die evangelie.

10/40 Venster gebedsfokus op Indië

Gedurende die maand Oktober fokus ons op spesifieke sake en deurbrake in die Indiese volke met 'n beraamde bevolking van meer as 1 miljard mense. Indië is een van die lande wat binne die *10/40 Venster* val. Die inligting wat ons hier weergee is verreweg nie 'n volledige prentjie van die geweldige groot behoefte aan gebed vir hierdie land nie, maar dit behoort riglyne te verskaf oor hoe om oor 'n langer tydperk vir hierdie land te bid. Sommige dae se gebedsinligting sal meer wees as ander dae s'n sodat al die basiese gebedsriglyne vir 'n bepaalde gebied gegee kan word.

(Inligting en statistiek is geneem uit die betroubare gebedsbron van Patrick Johnstone en Jason Mandryk, *Operation World*, bll. 309-337 en ander Internetbronne). U kan ook verwys na die kaart van 7 Oktober waarop die verskillende state van Indië aangedui word.

Inligtingsblokkies: 🕮 **= Bybelvers** ▦ **= Statistieke/inligting** 🗣 **= Gebed**

Woensdag 1 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Algemeen

Inligtingsblokkies: 🕮 **= Bybelvers** ▦ **= Statistieke/inligting** 🗣 **= Gebed**

🕮 *God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun Christus Jesus, ons Here* (**1 Kor.1:9**).

▦ Indië bestaan uit 29 uniestate en 6 unieterritoria. Die geskatte bevolking vir 2024 is 1.33 biljoen, wat beteken dat daar 420 mense per vierkante kilometer sal woon. Mensegroeperings is op kultuur en stand eerder as taal gebaseer. Daar is na raming 6 400 kastes. Elkeen funksioneer as 'n afsonderlike groep as gevolg van die

sosiale grense wat hulle skei. Die vernaamste kastegroepe is: **die hoër kastes** 15,4%, die **laer kastes** 56,6%, die **geskeduleerde kastes** of **Dalit** 18,1%, die **stamkastes** of **Adivasi** 9,5% en ander 0,4% (nie as deel van die kastestelsel gereken nie). Ongeveer 80% van die bevolking (+/- 800 miljoen) is volgelinge van Hindoeïsme, 12,5% is volgelinge van Islam en 2,4% is Christene en daar is ook 'n persentasie wat ander gelowe aanhang.

🗣 *Getroue God wat mense roep tot gemeenskap met U Seun Jesus Christus ons Here, ons dra elkeen van die 29 state en 6 unieterritoria aan U troon van genade op. Maak U Seun bekend aan die hoër en laer kaste, aan die Dalit en die Adivasi. Roep elkeen by die naam, laat hulle U stem hoor. Openbaar U liefde en verlossing aan hulle.*

Donderdag 2 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Antwoorde op gebed

🕮 *Loof die Here! Roep Hom aan! Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het* (**Ps.105:1**).

🏞 Vervolging in die 1990's het die kerk gesuiwer, sy visie nuut ingestel en groter eenheid ten opsigte van sy doel gebring as ooit tevore. Loof God, want dit het die persoon van Jesus en die bestaan van die kerk op die voorgrond gedryf en ekstremistiese Hindoeïsme ook nie in 'n gunstige lig geplaas nie. Loof God vir die dinamiese gety van groei in Indiese sendingagentskappe en die kerkgebaseerde sendinginisiatiewe in die suide en noord-ooste van Indië en elders.

🗣 *Ons dank U, O Here. U Naam moet geloof word vir wat U gedoen het. Dankie vir u volgehoue teenwoordigheid in Indië, vir vervolging wat die kerk gesuiwer het en vir die instroming van evangelisasiepogings in hierdie land. Ons verheerlik u Naam vir elkeen van die Dalits wat na U gekom het. Stuur werkers uit vir hierdie oes totdat elkeen aan U behoort.*

Vrydag 3 Oktober 2008

Fokus op dwelm misbruik: Alkohol verbruik in Suid-Afrika

Alkohol is vryelik beskikbaar in ongeveer 230 000 afsetpunte in Suid-Afrika. Volgens 'n verslag van die *Mediese Navorsings Raad* verbruik Suid-Afrikaners meer as 5 biljoen liters alkoholiese drank per jaar, wat 120 liters per persoon per jaar beteken. Hierdie statistiek is per kapita, maar as in ag geneem word dat groot dele van die bevolking glad nie alkohol gebruik nie, is dit skokkend.

(Webruimte: http://www.health24.com/mind/Sexual_dysfunction/1284-1300,13039.asp). Roep die Here aan vir alle vaders en moeders, jongmense en kinders wat alkohol misbruik. Vra dat God hulle oë sal oopmaak vir hulle dwaasheid en dat hulle tot God sal roep vir hulp en ook hulp sal soek sodat hulle permanent kan wegdraai van hierdie en ander verslawende gewoontes.

Gebedsfokus op Indië: Uitdagings vir gebed

🕮 *Here die Almagtige, U besluite is magtig, U dade groot. U sien alles wat die mense doen. U gee aan elkeen wat hom toekom, U beloon elkeen volgens sy dade* (**Jer.32:19**).

🏞 Indië het meer (en groter) mensegroepe sonder enige Christene, kerke of werkers as enige ander plek ter wêreld. Die regering van Indië het gebed nodig om *geloofsvryheid te handhaaf* en om nie diskriminerende "anti-bekeringswette" goed te keur, ekstremistiese Hindoe-organisasies te wettig en te begunstig en buitelandse fondse vir geboue vir minderhede te beperk nie. Hindoeïsme is die wêreld se derde grootste godsdiensstelsel. Baie begrippe van die Hindoeïsme het deel geword van die 21ste eeu se postmoderne kultuur – jogi, ghoeroes, karma, reïnkarnasie en transendentale meditasie. Hindutva ekstremisme het toegeneem. Die Hindutva ideologie van "Indië is slegs Hindoe" is skaamteloos gebruik om politieke mag te wen.

🗣 *Here Almagtig, groot is U planne en magtig is U dade in Indië! Ons bid dat elkeen in die regering radikaal tot bekering sal kom. Ons roep tot U vir die redding van elke lid van elke Hindoe-organisasie. Ons vra dat U die oë sal oopmaak van selfs Christene wat onwetend by Hindoe-praktyke in hulle alledaagse lewe betrokke geraak het. Ons bid dat U die kerk wêreldwyd in beweging sal bring om na onbereikte mensegroepe in Indië uit te reik.*

Saterdag 4 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Die kerk in Indië

🕮 *… Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir dié wat U aan My gegee het, omdat hulle aan U behoort* (**Joh.17:9**).

 Die kerk in Indië is aan die een kant lewendig en aan die groei en aan die ander kant bestaan dit slegs in naam en is aan die agteruitgaan. Ten spyte van baie twiste oor persoonlikhede, mag en eiendom, moedig die vyandige nasionale omgewing nou groter eenheid aan. Die opleiding van Christelike werkers is fundamenteel in die gesondheid en groei van die kerk. Gebrekkige dissipelmaking en onderwys het nominalisme, sinkretisme en verliese aan Hindoeïsme tot gevolg gehad. Daar is ongeveer 100 000 voltydse werkers in Indië, ongeveer die helfte bedien plaaslike kerke. Daar is gemiddeld een leraar vir elke ses gemeentes.

🗣 *Vader, soos Jesus bid ons vir diegene wat in U Naam geroep is. Ons vra dat U Indiese sendelinge in Indië wat teenkanting en vervolging in die gesig staar, sal bemoedig. Stuur asseblief meer werkers om onder die stamgroepe, die verdruktes en die uitgeskuifde en behoeftige dele van die bevolking te gaan werk. Ons roep tot U vir groter aanspreeklikheid in verhoudings tussen plaaslike kerke en sendingagentskappe. Ons dra die uitgewekenes wat in Indië diens verrig aan U op, dat hulle guns sal ontvang om in Indië as tentmakers te werk. Reinig U bruid in Indië om suiwer en heilig te wees, afgesonder om U stem te gehoorsaam en U bevele sonder kompromie uit te voer.*